# Onderwysersgids

# SKEUR


**Carel van Rooyen**

**Human & Rousseau, 2021**

**LET WEL:** Alle bladsynommers verwys na die eerste uitgawe van die jeugroman *Skeur* (Human & Rousseau, 2021)








Hierdie gids is as hulpmiddel vir die onderwyser in die klaskamer bedoel. Dit is geskryf met **Graad 10 Huistaal** as hooffokus en volgens die riglyne van die Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring (KABV) uiteengesit. Die roman en onderwysersgids kan ook vir **Graad 9 Huistaal** gebruik word mits die onderwyser die nodige aanpassings maak soos deur die KABV voorgeskryf word.

Hierdie gids is saamgestel deur **Dewald Koen, Fakulteit Opvoedkunde, Nelson Mandela Universiteit, Gqeberha**

**Kopiereg: © Human & Rousseau, 2021. 'n Druknaam van NB Uitgewers**

# INHOUDSOPGAWE

| INHOUD | BLADSY |
|---|---|
| Benaderings tot die onderrig van letterkunde…………………………… | 3 |
| Afdeling A: Pre-lees (Ontleed en bespreek die voorplat)……………… | 4 |
| Biografie van die skrywer…………………………………………………. | 5-6 |
| Die verhaal in 'n neutedop………………………………………………. | 7-10 |
| Literêre begrippe: Verteller……………………………………………….. | 11 |
| Literêre begrippe: Verteltyd versus vertelde tyd………………………… | 12 |
| Literêre begrippe: Tyd, Ruimte en Plek…………………………………. | 13 |
| Literêre begrippe: Intrige en Temas……………………………………….. | 13-15 |
| Literêre begrippe: Motiewe……………………………………………….. | 16-17 |
| Literêre begrippe: Titel & Botsings of Konflik…………………………… | 18 |
| Karakterisering……………………………………………………………. | 19 |
| Karaktersketse……………………………………………………………. | 20-22 |
| Afdeling B: Lees………………………………………………………….. | 23 |
| Afdelng C: Post-lees……………………………………………………….. | 24 |
| Kontekstuele vrae & Opsommings (Hoofstuk 1-30)…………………….. | 24-50 |
| Literêre opstelvrae……………………………………………………….. | 51 |
| Literêre opstelvrae: Memorandum (Vraag 1-3)………………………….. | 52-55 |
| Memorandum: Kontekstuele vrae (Hoofstuk 1-30)……………………… | 56-69 |
| Woordverklarings……………………………………………………….. | 70 |
| Aktiwiteite vir verryking (Mondeling, Skryftake & Lees)………………. | 71 |
| Literêre glossarium………………………………………………………. | 72-75 |
| Bronnelys………………………………………………………………….. | 76 |



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

# BENADERINGS TOT DIE ONDERRIG VAN LETTERKUNDE

Die Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring (KABV) vir **Afrikaans Huistaal** (VOO-fase, Graad 10-12) beklemtoon die belangrikheid vir die lees van letterkunde in die klaskamer. Volgens die KABV (2011:12) moet die lees van letterkunde in die klaskamer by leerders "'n sensitiwiteit wek vir taal wat meer verfynd, letterkundig, figuurlik, simbolies en betekenisvol gebruik kan word".

Alhoewel die onderrig van letterkunde (drama, prosa en poësie) nie altyd maklik is nie, is dit **belangrik dat leerders by die onderrigproses betrek moet word om hul kommentaar en interpretasie van die teks of gedig met ander te deel**. Onderwysers moet ook daarteen waak om nie hul eie vooroordele, interpretasie en idees oor 'n literêre teks op leerders af te dwing nie, maar eerder 'n gesonde en gebalanseerde debat oor letterkunde in die klaskamer bevorder. Dit is belangrik om kennis te neem van die feit dat interpretasie van 'n teks of gedig nie gaan oor wat reg of verkeerd is nie, maar oor wat binne die konteks van die literêre teks vir die leerder betekenisvol is (KABV, 2011:12).

Hier volg 'n paar wenke vir die beste benadering tot die onderrig van letterkunde soos in die KABV (2011:12) uiteengesit:

- Lees soveel as moontlik van die teks sonder enige onderbreking in die klas. Leerders wat die teks sonder ondersteuning kan lees, moet aangemoedig word om dit te doen.
- Die klem is nie op gevorderde literêre interpretasie nie, maar om aan leerders te wys hoe hulle huistaal subtiel, intelligent, verbeeldingryk en vindingryk gebruik kan word.
- Kreatiewe skryfwerk moet nou aansluit by die studie van enige literêre teks. Klasbesprekings wat tot skryfaktiwiteite lei is baie waardevol.
- Moenie slegs fokus op die onderrig van 'die regte antwoord' nie, maar fokus op die interpretasie, kreatiewe en persoonlike belewing asook die ondersoek van die literêre teks.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers


## AFDELING A: PRE-LEES

"Pre-lees stel die leerders aan die teks bekend. Dit aktiveer assosiasies en vorige kennis" (KABV, 2011:23).

- Vluglees en soeklees tekskenmerke.
- Vluglees en soeklees dele van die boek.
- Maak voorspellings gebaseer op die inligting wat uit vluglees en soeklees verkry is.
- Hanteer belangrike woordeskat wat vir leerders onbekend mag wees.

**ONTLEED EN BESPREEK DIE VOORPLAT VAN DIE ROMAN**

**Let wel: Die volledige analise van die voorplat sal eers tydens die post-leesfase voltooi kan word.**




**Wat simboliseer die volgende prente op die voorplat?**

- Die profiel van die meisie.
- Die kraak (skeur).
- Die bome, takke en blare.
- Die kleure (geel, orange, rooi, bruin en swart).
- Wat is die verhouding tussen die mens en die natuur?



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

## BIOGRAFIE VAN DIE SKRYWER

### CAREL VAN ROOYEN



**(Foto met die vergunning van die skrywer.)**

Carel van Rooyen word groot en gaan skool in Kakamas, waar hy boeke gebruik om die wyer wêreld te verken, en ook later begin skryf. Sedert 2011 bly hy in die Wes-Kaap. In Stellenbosch studeer hy vir 'n BA-graad in Taal en Kultuur, waarna hy sy honneursgraad in Afrikaans en Nederlands verwerf. Hy loop klas in kreatiewe skryfkunde by Marlene van Niekerk, en voltooi ook sy skripsie onder leiding van Van Niekerk. Hierdie werkstuk handel oor die verskillende maniere waarop Sjaka Zoeloe in Alfred Schaffer se bekroonde digbundel *Mens Dier Ding* voorkom. Hy gebruik later hierdie navorsing as 'n vertrekpunt in 'n artikel oor enkele ooreenkomste tussen Antjie Krog se bundel *Lady Anne* en *Mens Dier Ding*, wat in *Stilet* gepubliseer word. Na sy honneursjaar voltooi Carel 'n diploma in Dokumentontwerp en -Analise, ook aan die Universiteit Stellenbosch.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

Carel woon tans is in Durbanville en werk vir 'n onderneming wat opleiding doen, meestal in die voedselindustrie. Hy is passievol oor die toekoms van Suid-Afrika; in die woorde van Nelson Mandela: "No country can really develop unless its citizens are educated."

As 'n groot aanhanger van die Amerikaanse televisiereeks *Crazy Ex-Girlfriend*, skryf hy saam met Bibi Burger 'n essay oor hoe verskillende idees oor feminisme in dié musiekkomedie voorkom. Die essay word gepubliseer in die boek *Perspectives on Crazy-Ex Girlfriend: Nuanced Postnetwork Television*.

Omdat jeugverhale so 'n vormende invloed op hom gehad het toe hy op skool was, skryf Carel graag vir tieners. *Skeur* is sy debuutroman. Hy het 'n diep belangstelling in sielkunde en die uitwerking van trauma op die mens se psige.

Carel verken graag musiek wat jy nie sommer in 'n winkel of gym sal hoor nie, en deel sy ontdekkings op die blog musicformondays.wordpress.com. Ander tydverdrywe sluit in tuinmaak (meestal skaduplante, sy lessenaar is al vol!), oefen, briefskryf, animasiefilms en -reekse kyk, en pogings om vriende se troeteldiere af te rokkel.

Human & Rousseau



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

## DIE VERHAAL IN 'N NEUTEDOP

Wat doen jy as jy weet die einde van jou lewe is naby? **Maria** en die mense in haar wêreld moet sin maak van die naderende Nightshifts, die komende aardbewings wat volgens voorspellings die einde van die aarde beteken. Eers het hulle gedink dat dit net gerugte is, maar na hulle een Maandagoggend 'n vroeë aardbewing ervaar, word die vernietiging wat voorspel word as feit aanvaar. Maria probeer met een van haar onderwysers, **meneer Voster**, daaroor praat. Wat hy sê gee haar egter nie gemoedsrus nie. Dit blyk wel dat Maria geheg is aan meneer Voster, en dat sy hom as 'n tipe vaderfiguur sien na haar eie pa dood is aan kanker.

Maria word genooi na 'n kuier by **Luan** se huis, een van haar klasmaats tot wie sy aangetrokke voel. Hierdie laaste partytjie gebeur die Vrydagaand, die dag voor die eerste groot aardbewing verwag word. Maria vra vir haar ma of sy kan gaan, haar ma stem teësinnig in op die voorwaarde dat sy haar teen tienuur kan kom oplaai.

Maria is een van agt mense teenwoordig. Behalwe vir Luan en Maria, is dit **Evert**, **Narissa**, **Trevor**, **Nadia**, **Elsa** en **Gerrit**. Die aand begin gemoedelik, die tieners eet pizza en gesels met mekaar. Hulle deel ook geheime met mekaar. Luan sê dat sy pa al gewelddadig geraak het teenoor hom en sy ma, en Evert vertel dat hy soms aan selfdood dink.

Human & Rousseau

Later loop Luan uit die vertrek en kom terug met 'n bier in sy een hand en 'n rewolwer in sy ander hand. Hy rig die rewolwer op sy vriende, maar laat later sy arm sak sonder om enige skoot af te vuur. In skok gryp Nadia vir Maria, en hulle hardloop saam na buite. Hulle stap deur die bos op pad na die brug toe, wat die landgoed met die res van die dorp verbind. Dit is waarskynlik die brug waarna die naam van die dorp, **Bitterbrugfontein**, verwys.

Op pad na die brug haal Luan hulle in, en alhoewel veral Nadia bang is vir hom laat hulle toe dat hy by hulle aansluit omdat hy die pad ken. Daar aangekom vind hulle dat die brug ingeval het. Hulle keer terug na die huis omdat hulle besef dat hulle nie 'n ander keuse het nie.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

By die huis help Maria vir Luan, wat naar raak as gevolg van die alkohol wat hy gedrink het. Maria vind uit dat Evert nou die rewolwer het. Sy gaan na die kamer waar Nadia slaap en sien vir Elsa buite. Sy klim deur die venster en Elsa sê sy't deur Evert se selfoon gegaan en pornografie daarop gesien wat sy beskryf as "violent". Maria vat Evert se selfoon terug na hom. Terwyl sy by hom is dink sy terug aan die begeerte wat foto's van mans op pakkies onderklere in 'n winkel by haar wakker gemaak het. Naderhand keer sy terug kamer toe en sluimer in, maar skrik wakker wanneer sy 'n geweerskoot hoor.

Dit lyk asof Gerrit vir Evert geskiet het, maar wanneer Evert begin lag en Maria besef dat die bloed koud is, besef hulle dat hy nie werklik geskiet is nie. Hulle hou 'n verkiesing om demokraties te besluit wie die rewolwer moet hou, maar Evert sê dan dat hy nie die rewolwer gaan opgee nie. Elsa bieg dat sy en Evert mekaar gesoen het terwyl sy reeds met Gerrit uitgegaan het, en Gerrit val vir Evert aan. Maria, Luan en Trevor sleep Gerrit na 'n kamer toe en sluit hom daarin toe. Maria raak duiselig (van moegheid en spanning) en Nadia en Luan help haar kamer toe, waar sy aan die slaap raak.

Human & Rousseau

Evert maak hulle wakker dat hulle kan uitgaan, die ander tieners dra kos en komberse buitentoe. Hulle besef Gerrit is nog toegesluit in die kamer, en dat die huis nie meer veilig is nie. Luan gaan die huis binne om vir hom oop te sluit, maar hy't deur die venster ontsnap. Maria gaan saam met Luan om vir Gerrit te soek, weer op voet deur die bos. Maria verloor Luan vlugtig in die bos en raak paniekerig, wanneer sy hom vind hou hy haar vas en soen haar.

By die oewer aangekom soek hulle vir Gerrit. Maria vind hom, hy het 'n tou aan Luan se motor vasgemaak en wil dit gebruik om by die ander kant uit te kom. Maria oorreed hom maklik dat dit te gevaarlik is, en hulle ry saam met Luan terug huis toe.

By die huis vertel Narissa vir Maria van 'n gerug oor **meneer Voster**, en Maria besef dat sy nie werklik sy motiewe ken of kan vertrou nie. Narissa vertel ook vir Maria dat sy 'n miskraam gehad het.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

Wanneer Elsa sê dat hulle hout nodig het bied Maria aan om in die bos hout te gaan haal, en Evert gaan saam met haar. Sy oorreed vir Evert om die rewolwer in die skeur van die rivier te gaan gooi. Sy keer alleen terug na die ander, met die vuurmaakhout. 'n **Aardbewing** tref die aarde en die huis tuimel inmekaar en begin brand. Toe die grond ophou skud gaan soek Luan en Maria vir Evert. Sy kry hom vasgepen onder 'n tak, en Luan gaan terug om 'n mes te haal sodat hulle die tak van die res van die boom kan lossaag. Terwyl hy weg is vra Evert dat Maria die rewolwer moet kry, wat uit sy hand geval het, en dit op hom moet gebruik om hom van sy pyn te verlos. In 'n waas gehoorsaam Maria, maar word gestop wanneer Nadia daar aankom.

Naderhand kry hulle die tak los en dra Evert op 'n kombers terug na die area agter die huis. Sy vriende probeer na Evert omsien so goed hulle kan en bel noodnommers. Uiteindelik daag 'n helikopter op en hulle vlieg hom na die hospitaal toe. Maria jok en sê hy's haar broer, sodoende kry sy dit reg om saam met hulle te gaan. By die hospitaal raak sy aan die slaap in die wagarea - 'n gedeelte van die parkeerterrein, die hospitaal is vol. Ma kry haar, en sê dat Evert dood is. Nadat Maria self seker maak daarvan, vat haar ma haar huis toe.

Human & Rousseau

Die Sondag besoek Maria Evert se ma en gee sy selfoon vir haar. Sy het dit by hom gevat omdat sy Evert se geheim wou beskerm, maar hy het toe reeds alles van die selfoon afgevee.


Maria word oorweldig deur **depressie** as gevolg van die **trauma** wat sy ervaar en gesien het. Sy kan nie sin maak van Evert se pynvolle dood nie, en omdat sy bereid was om Evert te skiet moet sy nou lewe met die wete dat sy in staat is om iemand dood te maak. By die skool vertel Luan dat hulle gaan wegtrek, noudat hulle huis vernietig is. Hierdie nuus dra by tot die **eensaamheid** wat Maria ervaar.

'n Onderwyseres merk op dat Maria ongesteld lyk en stuur haar na Hoërskool Bitterbrugfontein se weergawe van 'n siekekamer. Maria haal die rewolwer uit haar tas, met die doel om dit op haarself te gebruik. Trevor, wat te getraumatiseer was om te help om Evert terug te dra huis toe, het die rewolwer die oggend van die aardbewings op die grond gesien lê, en dit van toe af by hom gehou. Die oggend by die skool het hy dit vir Maria gegee en gesê sy moet dit by die polisiestasie gaan ingee.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

Voordat Maria haar plan uitvoer word sy weer onderbreek, hierdie keer deur **Aisha**. Aisha, wat by die skool bekend is vir haar erns oor haar geloof, reik na Maria uit en stel voor dat sy met die pastoor van hulle kerk gaan praat. Maria antwoord dat sy daaroor sal dink. Dit lyk asof Aisha se besorgdheid tog tot Maria deurgedring het, want sy sit die rewolwer terug in haar tas en gaan na buite.






Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

## ROMAN - DEFINISIE

Die woord "roman" beteken letterlik "'n boek geskryf" in Romaans (Grové 1963:80). Die roman is 'n **prosaverhaal waarin mense (karakters) "geplaas in 'n sekere omgewing**, geteken word in hulle begeertes, hulle onderlinge verhoudinge en hulle handelinge" (1963:80). **Die klem val dus op karakterontwikkeling** eerder as 'n beskrywing van die handelinge.



## DIE VERTELLER

Elke verhaal het 'n **verteller**. Daar moet altyd in gedagte gehou word dat die **skrywer en die verteller nie dieselfde persoon is nie**. Die menings van die verteller is nie noodwendig die van die skrywer nie. In *Skeur* is die **skrywer Carel van Rooyen en die verteller is Maria** – 'n **eerstepersoonsverteller**. Ons kan tussen drie soorte vertellers onderskei:

## EERSTEPERSOONSVERTELLER

Die eerstepersoonsverteller is ook bekend as die **ek-verteller**. Die verhaal word slegs uit die gesigshoek van die een karakter in die verhaal vertel. Die ek-verteller weet egter nie wat die ander karakters dink en voel nie, maar kan slegs afleidings uit die ander karakters se handelinge of optrede maak. Die ek-verteller is besonder geslaagd as verteller om sy of haar eie gevoelens en emosies te beskryf.

Human & Rousseau

## ALOMTEENWOORDIGE VERTELLER

Hierdie tipe verteller vertel wat elke karakter sê, dink en voel. Hy/sy is oral teenwoordig op elke plek, ruimte en tyd.

## DERDEPERSOONSVERTELLER

Die derdepersoonsverteller beskik oor **beperkte alwetendheid** en die skrywer van die roman beskryf die verhaal deur die oë van een van die karakters. Die skrywer is aan die kant van die karakter en beleef die gebeure in die verhaal deur die karakter se gees.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

**FOKALISASIE – WIE SIEN?**

Die verhouding tussen die elemente van die verhaal en die **visie van waaruit hulle aangebied** word.

(Mieke Bal in Cloete, Botha & Malan, 1985)

## TYD

## VERTELTYD VERSUS VERTELDE TYD

**Verteltyd**: Die term 'verteltyd' verwys volgens Brink (1987:92) na "die tyd wat deur die teks in beslag geneem word om die storie te vertel". (Met ander woorde die aantal bladsye van die novelle of roman.)

**Vertelde tyd**: Die 'vertelde tyd' dui op "die periode wat deur die storie gedek word vanaf die vroegste tydsmoment waarna [in die teks] verwys word" (1987:92). Steenberg (1985:90) noem die 'vertelde tyd' die 'leestyd' wat "meetbaar [is] in minute, ure, dae [en] weke".

Die jeugroman *Skeur* se **verteltyd** strek dus oor **198 bladsye** bestaande uit **dertig hoofstukke**. Die **vertelde tyd** strek oor 'n aantal dae in Julie.

Die verhaal word **chronologies** aangebied alhoewel die vertelling gefragmenteerd is met verwysings na vroeë gebeure.

## TYDSVERLOOP

## CHRONOLOGIESE TYDSVERLOOP

Chronologiese tydsverloop verwys na **tyd wat op mekaar volg** bv. Maandag, Dinsdag, Woensdag of oggend, middag en aand.

## ACHRONOLOGIESE TYDSVERLOOP

Achronologiese tydsverloop verwys na **tydsverloop wat nie op mekaar volg nie**. Dis tydsverloop in die verhaal word afgewissel. Daar is **tydspronge en terugflitste** na gebeure wat in die verlede plaasgevind het. Die hede en verlede word ook met mekaar afgewissel.

**In die jeugroman *Skeur* is die verloop van tyd chronologies. Die verhaal begin op 'n Woensdag, 18 Julie en eindig die daaropvolgende Maandag, 23 Julie.**



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

## RUIMTE OF PLEK

Vanuit 'n narratologiese oogpunt word daar volgens Venter (1985:95-96) drie vorme van ruimtelikheid in die epiek (roman / novelle) onderskei:

1. Die **genarrateerde (vertelde) storietuimte** (die **plek** waar die storie afspeel)
2. Die **narratiewe verhaalruimte** (die **wyse waarop die storieruimte vertel word**)
3. Die **diskursiewe vertellersruimte** (Die vraag na die instansie uit wie se ruimtelike bewussyn waargeneem of gefokaliseer word.)

Die **genarrateerde (vertelde) storieruimte** in *Skeur* is 'n fiksionele dorp in Suid-Afrika genaamd Bitterbrugfontein.

## INTRIGE

## RAAMWERK VAN GEBEURE

Die term "intrige" verwys na die **plan waarvolgens die verhaal (storie) ontwikkel**. Dit word ook die **raamwerk van gebeure** genoem. Die intrige verwys na die **volgorde waarin die gebeure in die verhaal plaasvind**. Intrige lei tot spanning. Indien die intrige nie deursigtig of maklik voorspelbaar is nie, is die roman meer geslaagd aangesien dit die leser enduit sal boei.

Human & Rousseau

## TEMAS

Die tema van die verhaal verwys na enige lewenswaarheid en/of –insig wat uit die verhaal voortspruit. 'n Tema is altyd universeel en is nie gebonde aan tyd, ruimte, omstandighede of 'n karakter nie. Hier volg 'n aantal temas wat in die jeugroman voorkom:

- **Oorlewing**
- **Trauma**
- **Vriendskap**
- **Die verhouding tussen mens en natuur**
- **Geweld**



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

## OORLEWING

Die temas van gevaar en oorlewing is algemeen in distopiese fiksie. Een van Maria se klasmaats se naam is Ukusinda (bl. 2), die Xhosa woord vir oorlewing. Hierdie tema word dus vroeg reeds voorskadu. Die karakters besef dat die dood onvermydelik is, maar hulle probeer steeds oorleef, en hulle wend verskeie pogings aan om te oorleef. Die dorp se mense kom bymekaar op verskillende areas wat veiliger is as hulle huise. Maria en haar vriende gaan ook buitentoe sodat die huis nie op hulle inval nie.

## TRAUMA

Trauma, en die verskillende maniere waarop mense op trauma reageer, word ondersoek in die verhaal. Maria kry te doen met verskeie traumas. Eerstens is daar die onlangse dood van haar pa, dan die vooruitsig van 'n gewelddadige dood vir haar familie, vriende en vir haarself, eers as gevolg van die aardbewings, maar later ook as gevolg van Luan se pa se rewolwer. Maria word ook getraumatiseer deur die pyn waardeur Evert gaan, en sy uiteindelike dood, en haar aandeel in sy dood. Sy word ook ontnugter deur die goed wat sy gedurende die aand oor haar vriende, meneer Voster, en haarself leer. Die skeur van die titel is dus nie net die letterlike geskeur van die aarde nie, maar ook die sielkundige skade wat sy (en die ander karakters) die nag ervaar.

Human & Rousseau

Die manier woorop die tieners se omgewing waarin hy/sy grootword hom/haar vorm en beïnvloed is ook belangrik. Baie van die volwassenes is afwesig (Maria se Pa, Evert se Pa), onverskillig (meneer Voster) of wreed (Laun se Pa). Maria blameer Luan se Pa vir die feit dat hy die rewolwer op hulle gerig het (bl. 190). Let ook daarop dat die rewolwer aan Luan se Pa behoort, en dat alles wat as gevolg van die rewolwer skeefloop dus teruggetrek kan word na Luan se pa.

## VRIENDSKAP

Die groep vriende maak keuses wat die ander tot nadeel strek. Tog is hulle ook goed vir mekaar. Maria onthou aan die einde hoe elkeen op sy of haar eie manier probeer het om vir Evert te help (bl. 177). Wanneer Maria aan die einde depressief is, is dit Aisha se vriendskaplike teenwoordigheid wat tot haar deurdring.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

**DIE VERHOUDING TUSSEN MENS EN NATUUR**

Maria voel verraai deur die onbetroubaarheid van die aarde, en word selfs kwaad oor die geweld van die aarde teenoor hulle. Daar is egter tekens dat die mense ook gewelddadig met die omgewing omgaan, byvoorbeeld deur die grond met dinamiet oop te skiet by die myne. Daar word verskillende verklarings vir die aardbewings gegee, een van die verklarings is dat die aardbewings die mense se eie skuld is ("Juffrou Laura sê ons sondes teen die aarde het ons ingehaal" - bl. 6).

**GEWELD**

Daar is nie net geweld tussen die mens en die natuur nie, maar ook tussen mense. Geweld word verteenwoordig deur die rewolwer, wat vroeg die aand reeds deur Luan gevind word, en die res van die aand en volgende oggend heeltyd teenwoordig is. Die vraag of geweld ooit geregverdig kan word, byvoorbeeld in die geval van genadedood, word gevra.

Die woord "violent" word 'n paar keer in die storie herhaal. Wanneer Luan wil hê hulle moet die rewolwer vir Maria gee en nie vir Trevor nie, vra Trevor of dit is omdat hulle "violent" is. Dit eggo in Maria se gedagtes omdat dit die woord is wat Elsa gebruik het om die foto's/video's wat sy op Evert se selfoon gesien het te beskryf. Die woord word vir Maria sinoniem met Evert se geheim. Elsa verstaan dit aan die hand van Susan Sontag se beskrywing van hoe sy gevoel het toe sy Holocaust-foto's vir die eerste keer gesien het. As die sien van seksuele geweld die effek het wat Sontag beskryf, word die kyker interne geweld aangedoen ("Nothing I have seen - in photographs or real life - ever cut me as sharply, deeply, instantaneously"). Die geweld is dus nie net fisies nie.

Human & Rousseau



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

## MOTIEWE

Die term "motief" verwys na 'n element wat herhaaldelik in literêre werke voorkom, en tradisioneel ook dieselfde betekenis dra" (Du Plooy, 1992:326). 'n Voorbeeld van 'n motief is 'n rooi roos wat in verband staan met die liefde.

- **Die rewolwer**
- **Die bok**
- **Die skeur van die rivier/water**
- **Maria se skoene**

### DIE REWOLWER

HR Human & Rousseau

Die rewolwer verteenwoordig geweld en die dood. Omdat die tieners die heeltyd bewus is van die geweer, is hulle ook deurentyd bewus van die gevaar en moontlike geweld daarvan. Dit staan ook vir mag, en die misbruik van mag. Die rewolwer behoort aan Luan se pa wat sy mag teenoor sy familie misbruik. Wanneer Maria dit op haarself wil gebruik, is dit ook 'n misbruik daarvan.

Die rewolwer word ook gebruik om sekere reaksies te ontlok, maar onder dwang. Luan gebruik dit om sy vriende se vrees te sien en om vir Maria te laat sê dat sy nie werklik van meneer Voster hou nie. Evert gebruik dit om sy vriende se reaksies te sien wanneer hulle dink hy is geskiet.

### DIE BOK

Die bok in Luan se ma se skildery weerspieël **weerloosheid** en **slagofferskap**. Wanneer hy die skildery red deur dit buitentoe te vat wys dit dat hy daarmee identifiseer.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

## DIE SKEUR VAN DIE RIVIER/WATER

Ten spyte van die gevaar wat dit inhou, trek die onbekendheid en donkerte van die skeur haar aan. Wanneer sy haar naam by die afgrond uitroep eggo dit terug na haar, die skeur roep haar op hierdie manier.

Aan die einde van die roman, wanneer sy intense depressie ervaar, sien sy dit as die skeur ("My stewels moet nog hier iewers wees" – bl. 194). Die skeur se water oorweldig haar wanneer sy moet sin maak van Evert se dood en die wete dat sy bereid was om haar vriend te skiet. Sy was nog altyd bang vir groot massas water. Dit dui dalk daarop dat alhoewel haar gevoelens van wanhoop veroorsaak is deur die trauma wat sy ervaar het, sy dalk nog altyd die risiko van depressie geloop het.

## MARIA SE SKOENE

Maria gooi haar nuwe skoene by die skeur in, 'n **aksie van verset**. Sy is gefrustreerd en voel magteloos omdat sy besef dat hulle geen ander keuse het as om terug te gaan na die huis toe nie. Maria sê dat sy gewag het vir 'n "spesiale geleentheid" (bl. 29) om dit na aan te trek, wanneer sy dit weggooi verwerp sy hierdie idee - sy besef dat die aand nie die aangename kuier is wat sy verwag het nie.

Human & Rousseau

Nadia hou van Maria se stewels en hulle ruil skoene in die bos. Dit laat 'n mens dink aan die uitdrukking "in iemand anders se skoene staan", wat beteken om jou in daardie persoon se situasie te bevind. Nadia se huislike omstandighede is gunstiger as Maria s'n. Wanneer Nadia probeer om in Maria se skoene weg te hardloop, kan sy dit nie doen nie en sy val. Alhoewel sy nie eintlik daaroor kla nie, maak Maria se skoene/omstandighede haar seer ('"Kyk hoe lyk jou voete," sê Nadia.' - bl. 54). Later sê Maria weer dat haar skoene haar druk ("Dis pouse en my skoolskoene druk my voete wat in elk geval nog seer is..." - bl. 184).



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

## TITEL

Die titel verwys na die naam van die verhaal (storie). Die titel van die jeugroman is dus *Skeur*. Die titel is 'n belangrike komponent aangesien dit die verhaal ontsluit. Die titel bevat ook dikwels 'n tema of temas uit die verhaal soos in dié geval die **aardbewings (Nightshifts)** wat daaraan gekoppel word. Die titel het ook 'n figuurlike betekenis.

## BOTSINGS OF KONFLIK

Twee tipes botsings kan in 'n verhaal voorkom naamlik **uiterlike botsing of innerlike botsing**.

**Uiterlike botsing word met geweld assosieer** soos gevegte tussen karakters, niefisiese botsings soos 'n argument of selfs net 'n deurborende kyk van een karakter na 'n ander. **Voorbeeld: Gerrit het vir Evert geslaan nadat hy uitgevind het dat Elsa en Evert mekaar gesoen het.**

**Innerlike botsing verwys na konflik in die karakter se gemoed**. Voorbeelde van innerlike konflik sluit in geestelike, emosionele of selfs morele wroeging. Innerlike botsing vind plaas wanneer 'n karakter emosioneel oor iets wroeg. **Voorbeeld: Maria koester skuldgevoelens rondom haar pa se dood asook haar bydrae tot die gebeure wat Evert se dood voorafgegaan het.**

Human & Rousseau

Verdere voorbeelde sluit in **die botsing tussen die mens en sy/haar omgewing** wat botsings tussen die mens en die maatskaplike orde soos egskeiding, armoede, verslawing ensovoorts insluit.

**Botsing kan ook plaasvind tussen die mens en die natuur** wanneer die natuur deur 'n dier, woestyn of rivier versimboliseer word. Dink byvoorbeeld aan 'n daadwerklike botsing tussen 'n jagter en die leeu wat die jagter bespring wanneer die geweerskoot afgaan.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

# KARAKTERISERING

## HOOFKARAKTER

**Maria is die hoofkarakter** (protagonis) in die jeugroman. Sy is die sentrale figuur waarom die gebeure in die teks afspeel. **Die hoofkarakter ondergaan karakterontwikkeling** en word ook ’n **ronde karakter** genoem. Hierdie tipe karakter se innerlike sowel as die uiterlike word duidelik aan die leser uitgebeeld.

## NEWEKARAKTERS

**Newekarakters word ook plat- of vlakkarakters genoem**. Hierdie karakters word by die verhaal betrek om die hoofkarakter te belig. Die newekarakters ondergaan geen noemenswaardige karakterontwikkeling nie en dra by tot moontlike botsing waarin die hoofkarakter sy/haar innerlike aan die leser kan openbaar.

## KARAKTERBEELDING (KARAKTERSKETS)

### EKSPLISIETE KARAKTERBEELDING

Human & Rousseau

Eksplisiete karakterbeelding kan geskied deur dit wat die verteller oor die karakter aan die leser meedeel of dit wat die ander karakters in die roman (verhaal) van die karakter sê of dink.

### IMPLISIETE KARAKTERBEELDING

**Implisiete karakterbeelding word deur die optrede van die hoofkarakter aan die leser oorgedra** waaruit die leser die volgende afleidings kan maak naamlik die voorkoms en uitbeelding van die karakter se omgewing, die karakter se houding en handelinge asook wat die karakter van hom- of haarself dink en sê.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

| KARAKTER | KARAKTERSKETS |
| --- | --- |
| **Maria** | Maria is die hoofkarakter in die jeugroman. Sy is in graad 12 en woon saam met haar ma en jonger sussie in Bitterbrugfontein. Sy het ligblou oë. Haar pa is onlangs aan kanker oorlede. Sy hou van Luan en is besonder danig oor een van haar onderwysers, meneer Voster. Sy dra swaar aan skuldgevoel rondom die dood van haar pa asook haar vriend, Evert. |
| **Ma** | Maria se ma is 'n enkelouer wat twee kinders grootmaak. |
| **Bibi** | Bibi is Maria se jonger suster. Sy in in graad sewe. |
| **Pa** | Maria se pa is die vorige jaar met kanker gediagnoseer. Hy het na nege maande op 16 Februarie gesterf. Hy was 43 jaar oud. |
| **Meneer Coetzee** | Hy is die skoolhoof. Hy het 'n bleskop. |
| **Yolandi** | Yolandi is 'n vriendin van Maria. Sy is op 'n dieet en wil graag gewig verloor. Sy is heimlik verlief op Luan. |
| **Meneer Voster** | Hy is 'n onderwyser by Hoërskool Bitterbrugfontein. Hy rook sigarette en dra 'n bril. Volgens Maria lyk hy heel en gesond ten spyte van sy rokery. Sy tande word as "skerp" beskryf. Hy onderrig Afrikaans en LO. Daar word beweer dat meneer Voster sy vorige onderwyspos onder verdagte omstandighede verlaat het. |
| **Elet** | Sy is een van Maria se klasmaats. |
| **Carmi** | Sy is een van Maria se klasmaats. |
| **Ukusinda** | Sy is een van Maria se klasmaats. Haar naam beteken "oorlewing" in isiXhosa. |
| **Bernice** | Sy is een van Maria se klasmaats. |
| **Gerrit** | Hy is een van Maria se klasmaats. Hy woon ook Luan se partytjie by. Hy gaan met Elsa uit. |
| **Narissa** | Sy het groen oë en het 'n klein letsel by haar een wenkbrou. Sy verjaar die 23ste Julie. Sy was swanger, maar het 'n miskraam gehad. Sy eet nie vleis nie. Sy het dieetpille in haar handsak. |

HR& Human & Rousseau



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

| | |
|---|---|
| **Luan** | Sy oë is die kleur van rooibostee sonder melk en sy swart hare is langer as wat die skoolreëls toelaat. Hy is langer as sy vriend, Evert. Hy speel rugby vir die skool se tweede span. Maria hou baie van Luan. Hy word deur sy pa mishandel. |
| **Juffrou Laura** | Sy is een van Bibi se laerskoolonderwysers. Maria beskou haar as ’n hippie. |
| **Tanya** | Tanya is ’n vriendin van Bibi. |
| **Aisha** | Aisha lei ’n gebedsgroepie by Hoërskool Bitterbrugfontein. Sy het aan die begin van die jaar by Maria-hulle se skool aangesluit. Haar ouers was sendelinge in Indië. Sy bied aan die einde van die jeugroman aan om Maria aan haar pastoor voor te stel sodat hy haar kan help om haar trauma te verwerk. |
| **Nadia** | Nadia is ’n jaar jonger as Maria. (Sy is dus in graad 11.) Sy het sproete op haar gesig. Sy sluit saam met Maria en Yolandi aan tydens die ontmoeting van Aisha se gebedsgroepie en beskryf haarself as ’n Christen. |
| **Juffrou Terfry** | Sy onderrig Lewenswetenskappe aan die Hoërskool Bitterbrugfontein. |
| **Evert Groenewald** | Hy het donker hare en breë skouers. Hy speel rugby vir die skool se eerste span. Hy was saam met Maria in die Heuningby-klas op kleuterskool. Daar word gesuggereer dat hy steroïedes gebruik. Hy voel aangetrokke tot Maria, maar nie op ’n romantiese wyse nie. Sy ouers is geskei en hy woon by sy ma. Hy sterf weens inwendige bloeding nadat ’n boom se tak sy maag deurboor het. Daar word oor sy seksuele oriëntasie gespekuleer. |
| **Elsa** | Sy is dieselfde ouderdom as Maria. Haar lang hare is dieselfde kleur as die koperraam van die spieël in Luan se huis (rooi hare). Hulle het egter min klasse saam aangesien Elsa verbruikerstudies as vak neem. Die onderwysers hou baie van Elsa en sy is volgens Maria onderhoofmeisie-materiaal. Sy gaan met Gerrit uit. |

Human & Rousseau



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

| | |
|---|---|
| **Trevor** | Hy woon Luan se partytjie by. Hy kan kitaar speel. Hy is in die skool se toneelgroep en is volgens Maria talentvol. Hy sê dat sy ma trots is omdat hy wit vriende het. Hy is nie religieus nie. |
| **Juffrou Lorraine** | Sy is die onderwyser wat vir Maria-hulle uit Susan Sontag se boek voorgelees het. In die boek skryf sy oor die uitwerking van fotografie (spesifiek foto's van die Holocaust) op die menslike psige. |
| **Melanie Plaatjies** | Melanie Plaatjies is volgens Narissa een van die meisies in hulle skool wat reeds in graad agt seksueel aktief was. |
| **Melanie Maree** | Melanie Maree is volgens Narissa een van die meisies in hulle skool wat reeds in graad agt seksueel aktief was. |
| **Alex** | Hy is 'n leerder in Maria se skool. Hy het snymerke op sy arms. |
| **Helen** | Helen is 'n leerder in Maria se skool. Sy het 'n aborsie gehad. |
| **Benjamin** | Dit sou die naam gewees het van Narissa se seuntjie wat sy weens 'n miskraam verloor het. |
| **Johan** | Hy is 'n ou wat Narissa na 'n visplek (restaurant) uitgeneem het. |

Human & Rousseau



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

## AFDELING B: LEES


"Lees verwys na die **verstaan van die teks** en om nadere aandag te skenk aan die taalkenmerke daarvan" (KABV, 2011:23).

- Toon aktiewe begrip van die teks.
- Bepaal die betekenis van onbekende woorde en beelde deur woordaanpakvaardighede en kontekstuele leidrade te gebruik.
- Gebruik leesbegripstrategieë.
- Maak aantekeninge of som hoof- en ondersteunende gedagtes op.

**WENK**

**Moenie te veel klem plaas op die skriftelike beantwoording van vrae <u>tydens</u> die leesfase nie. Dit mag leerders ontmoedig om die verhaal sowel as die leesproses te geniet. Die <u>verhaal moet eers waardeer word</u> voordat daar tydens die post-leesfase enige vorm van assessering plaasvind.**

**Vermy ook om vrae gebaseer op die roman vir 'tuiswerk' te gee. Staan tyd tydens die les af vir leerders om vrae in die klas te beantwoord om sodoende kritiese denke en besprekings oor die roman aan te moedig.**





Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

## AFDELING C: POST-LEES

"Post-lees stel leerders in staat om die **teks as geheel te beskou en daarop te reageer**" (KABV, 2011:23).

**HOOFSTUK 1**

**Tyd: Hede. Woensdag, 18 Julie**

**Opsomming:**

Op Maandag, 16 Julie sit Maria (die verteller) in die klas en luister na haar maats se gesprekke nadat meneer Coetzee aangekondig het dat die skool daardie komende Vrydag gesluit sal wees. Almal bespiegel waarom daar nie Vrydag skool sal wees nie. Na afloop van die les gesels Maria met meneer Voster en vra hom wat hy gaan doen. Hy sê dat hy gaan wag en kyk wat gaan gebeur.

Terug in die hede vra Maria se ma haar om haar jonger suster, Bibi, by die skool te gaan haal. Daar is min leerders by die skool en oënskynlik is die onderwysers nie bekommerd oor die leerders se afwesigheid nie. Tweede pouse gesels Maria met meneer Voster. Sy wens dat sy soos vroeër in Maartmaand haar gesig teen sy skouer kon druk. Maria gaan haal vir Bibi by die laerskool en hulle gesels oor die afgelope Maandagaand se gebeure. Daardie aand kyk Maria-hulle televisie en almal praat oor die Nightshifts en die moontlike gevolge daarvan. Later kyk hulle *Madagascar* terwyl hul ma sit en brei.

Human & Rousseau

**Kontekstuele vrae:**

1.1. Verduidelik wat op daardie Maandagoggend gebeur het.

1.2. Watter belangrike aankondiging het meneer Coetzee gemaak?

1.3. Wat is die naam van die skool wat die verteller bywoon?

1.4. Watter tipe verteller is in die roman aan die woord? Gee 'n voorbeeld om jou antwoord te motiveer.

1.5. Waarom het meneer Voster die verteller na die middel van die klaskamer geskuif?

1.6. Wie of wat is "Invading Eden" waarna die verteller verwys?

1.7. Hoe sal jy die atmosfeer by die skool beskryf? Verduidelik.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

1.8. Watter afleiding maak jy wanneer Maria opmerk: "En partykeer as meneer Voster na my kyk, wonder ek hoe ek lyk…?"

1.9. Wat het in Maartmaand tussen Maria (die verteller) en meneer Voster gebeur?

1.10. Wat bedoel juffrou Laura wanneer sy sê dat "ons sondes teen die aarde ons ingehaal [het]?"

1.11. Wat gaan die komende Saterdagoggend gebeur?

1.12. Verduidelik wat ʼn Richterskaal is.

1.13. Hoe sou jy voel indien jy jouself in Maria-hulle se skoene sou bevind? Bespreek.

**HOOFSTUK 2**

**Tyd: Woensdagaand, 18 Julie**

**Opsomming:**

Maria sit in haar slaapkamer en kyk om haar rond. Sy sit die masker wat die Nightshift Initiative uitgedeel het op en wonder hoe dié masker hulle kan help wanneer hul wêreld komende Saterdagoggend tot ʼn einde kom. Sy haal haar dagboek uit haar kas en begin daardeur blaai. Sy kyk na vorige dagboekinskrywings en dink terug aan haar pa se siekte. Sy blaai tot by die 18de Maart. Sy herroep die gebeure na afloop van haar pa se begrafnis en haar gesprek met meneer Voster op die koppie waar sy en haar pa gereeld op die klip gaan sit het. Meneer Voster het Maria getroos en sy was skielik bang dat hy ook een of ander tipe van kanker kan kry. Elke Dinsdag stap sy koppie toe om te sien of sy hom weer daar sal kry, maar tot op hede het sy hom nie weer daar aangetref nie. Maria skryf een kort sin in haar dagboek: Ek wil nie doodgaan nie.

Human & Rousseau

**Kontekstuele vrae:**

2.1. Wie is Toast Coetzer?

2.2. Tot watter skokkende besef kom Maria?

2.3. Verduidelik waarom die woorde bo Maria se lessenaar ironies is.

2.4. Watter afleiding kan die leser maak aangaande Maria se pa?

2.5. Wie was ook op die koppie waarheen Maria op die 18de Maart gestap het?



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ʼn druknaam van NB Uitgewers

2.6. Verduidelik waarom Maria bang is dat meneer Voster moontlik enige kanker kan kry en daarvan kan sterf.

2.7. Watter afleidings kan die leser uit laasgenoemde vraag maak?

2.8. Wat skryf Maria daardie aand in haar dagboek?

**HOOFSTUK 3**

**Tyd: Donderdag, 19 Julie**

**Opsomming:**

Daar is baie min leerders by die skool. Maria besluit om by Aisha se gebedsgroepie aan te sluit wat skielik veel meer belangstelling onder die leerders geniet. Yolandi bid dat die aardbewings nie moet plaasvind nie. Op pad klas toe simpatiseer Nadia met Maria oor haar pa se dood. In die lewenswetenskappe-periode vra Luan vir Maria of sy na sy partytjie toe wil kom. Maria wil graag Luan se partytjie bywoon, maar wonder of sy nie eerder die Vrydagaand saam met haar ma en sussie moet spandeer nie. Sy dink egter terug aan die aand toe Luan haar na die skoolsokkie vergesel het. Sy weet in haar hart dat sy baie graag Luan se partytjie (kuier) sal wil bywoon aangesien sy van Luan hou en nog altyd deel van sy vriendekring wou wees. Terwyl haar ma besig is om wasgoed op te vou, vra sy haar toestemming om die partytjie te mag bywoon. Alhoewel haar ma haar bedenkinge het, stem sy in dat Maria die partytjie tot tienuur die Vrydagaand mag bywoon.

Human & Rousseau

**Kontekstuele vrae:**

3.1. Waarom, dink jy, is daar daardie dag soveel meer leerders wat by Aisha se gebedsgroepie aangesluit het? Verduidelik.

3.2. Watter rede voer Yolandi aan as motivering vir haar dieet?

3.3. Waaroor is Yolandi baie jaloers?

3.4. Verduidelik waarom Elsa met die kos en drinkgoed vir die partytjie gaan help.

3.5. Sou jy na Luan se partytjie toe gegaan het indien jy in Maria se skoene was en hy nie jou vriendin saam genooi het nie? Bespreek.

3.6. Wat insinueer Maria wanneer sy opmerk dat "ouens soos Evert en Luan maar aan mekaar [mag] raak [en dat] niemand iets daarvan [sal] dink nie?"



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

3.7. Speel Luan ook vir die skool se eerste rugbyspan? Verduidelik.

3.8. Waarom voel Maria skuldig om haar ma te vra of sy na Luan se partytjie mag gaan? Bespreek.

3.9. Dink jy dit is realisties dat 'n partytjie om sesuur in die aand begin? Bespreek.

3.10. Verduidelik waarom Maria se ma huiwerig is dat sy Luan sy partytjie bywoon.

**HOOFSTUK 4**

**Tyd: Dieselfde dag. Later die aand. Donderdag, 19 Julie**

**Opsomming:**

Maria gaan sit voor die rekenaar in haar pa se studeerkamer. Sy soek meer inligting oor die Nightshifts. Sy dink aan haar pa en hoe jonk hy was toe hy oorlede is. Sy voel dit is so onregverdig dat ander mense oud word en haar pa so vroeg moes sterf. Maria lees op oor die aardbewings en wat vir die aand van 21 Julie voorspel word. Sy dink terug aan haar eerste ervaring van die aardskuddings. Sy en Yolandi het buite die skoolsaal gesit en wag vir die skoolklok om te lui toe die eerste diep dreungeluid hulle oorval het. Hulle het op die vierkant se sement neergeval en kon die vibrasies van die aarde voel. Die geluid was oorverdowend. Gelukkig is niemand tydens die voorval beseer nie. Sy het toe tot die besef gekom dat al die gerugte waar is en dat sy en haar mede-leerders inderdaad bang is vir dit wat op hulle wag.

Human & Rousseau

**Kontekstuele vrae:**

4.1. Hoe oud was Maria se pa toe hy oorlede is?

4.2. Verduidelik wat volgens die AIMGSA se verslag op 21 Julie in Suid-Afrika gaan gebeur.

4.3. Wat sal jou reaksie wees nadat jy op die internet gelees het wat daardie Saterdagaand in Suid-Afrika gaan gebeur? Bespreek.

4.4. Wie is Richard Charles?

4.5. Dink jy Maria het die regte besluit geneem om vir Nadia tydens die aardskudding by die skool te skree om plat op die grond te gaan lê? Bespreek.

4.6. Wat is die ergste moontlike scenario wat deur geoloë vir die mensdom voorspel word?



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

**HOOFSTUK 5**

**Tyd: Vrydagaand, 20 Julie**

**Opsomming:**

Maria se ma neem haar na Luan se huis. Hulle verkyk hulle aan die pragtige omgewing en Maria is veral beïndruk met die groot huis waarin Luan-hulle woon. Haar ma is egter bekommerd dat Luan aan die anderkant van die brug woon. Sy herinner Maria dat sy haar om tienuur sal kom oplaai sodat hulle na die veiligheidsarea toe kan gaan. Luan ruik reeds na alkohol toe hy Maria groet. Daar is net 'n paar ander vriende by die partytjie. Hulle luister na musiek en wag vir die pizzas wat Elsa vir hulle voorberei. Hulle gesels oor die groot hoeveelhede vuurwapens wat in Amerika in omloop is. Maria is verbaas toe Nadia ook by die partytjie opdaag. Hulle neem 'n groepfoto en later haal Trevor sy kitaar uit om hulle te vermaak. Evert daag heel laaste by die partytjie op en Maria wonder hoekom hy altyd so ongelukkig lyk.

**Kontekstuele vrae:**

5.1. Waarom, dink jy, is Maria se ma bekommerd dat Luan anderkant die brug woon? Verduidelik.

Human & Rousseau

5.2. Dink jy dit is reg as tieners self moet spaar om iets te koop wat hulle graag wil hê? Bespreek.

5.3. Waarheen gaan Maria-hulle wanneer haar ma haar om tienuur kom oplaai?

5.4. Wie is almal by Luan se partytjie?

5.5. Waarom is Luan se ouers nie by die huis nie?

5.6. Wat het Elsa vir hulle gemaak om te eet?

5.7. Wat is jou mening omtrent geweld wat in lirieke voorkom? Bespreek.

5.8. Hoe ken Maria vir Evert?

5.9. Evert is volgens Maria baie gespierd omdat hy soveel tyd in die gimnasium deurbring. Dink jy hedendaagse tienerseuns en -meisies het 'n obsessie oor hul uiterlike voorkoms? Bespreek.

5.10. Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**?

Maria was hartseer toe sy vir Bibi gegroet het omdat sy gedink het dat sy haar dalk nie weer sal sien nie.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

**HOOFSTUK 6**

**Tyd: Vrydagaand, 20 Julie**

**Opsomming:**

Maria woon Luan se partytjie by. Elsa het vir hulle tuisgemaakte pizza voorberei. Die groep vriende sit heerlik en gesels terwyl hulle eet. Elsa deel een van haar geheime met die groep. Later vertel Nadia van haar droom waarin ’n man ’n geweer op haar rig. Luan onderbreek die gesprek deur te vertel dat sy pa hom met ’n pot gegooi het waarna hy self ’n vaas teen die muur gooi. Mettertyd begin die een na die ander hul intieme gedagtes met die groep deel. Maria stap saam met Luan na sy slaapkamer om haar selfoon se battery met sy charger te herlaai. In die gang steek sy vas voor ’n skildery van ’n bok wat Luan se ma geskilder het. In Luan se kamer erken hy aan Maria dat hy bang is. Wanneer Maria en Luan terug by hul vriende is, praat hulle oor die dood. Evert wonder wat met ’n mens gebeur wanneer hy of sy sterf terwyl Narissa meer bekommerd is oor hul sosiale lewe en wat daarvan gaan word indien hulle sterf.

**Kontekstuele vrae:**

6.1. Hoe lank gaan Elsa en Gerrit al uit?

6.2. Wat bedoel Maria wanneer sy na Elsa en Gerrit as ’n Hollywood Couple verwys?

6.3. Watter afleiding kan jy maak wanneer Elsa opmerk dat dit hulle “laaste keer saam is”? Verduidelik.

6.4. Watter geheim deel Elsa met die groep?

6.5. Verduidelik wat ’n “feminis” is. (Gaan doen navorsing op die internet en bespreek in die klas.)

6.6. Wat is die verskil tussen ‘geslag’ en ‘gender’? Bespreek.

6.7. Verduidelik die gebruik van humor met verwysing na Martin Lawrence en Martin Luther King op bl. 37.

6.8. Het jy al ooit ’n herhalende droom gehad? Wat dink jy beteken jou droom?

6.9. Wat kan die leser aflei uit Maria se opmerking dat hulle “nog kerk toe gegaan het” toe “Pa nog gelewe het?” Bespreek.

6.10. Verduidelik waarom Maria se geheim moontlik haar vriende se wenkbroue kan laat lig. Bespreek.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

## HOOFSTUK 7

**Tyd: Vrydagaand, 20 Julie**

**Opsomming:**

Maria gaan kombuis toe om water te drink. Narissa kom ingestap en gesels met Maria oor die opmerking wat sy vroeër oor meneer Voster gemaak het. Maria is duidelik ontsteld, maar maak asof dit haar nie pla nie. Later staan Luan op om iets te gaan haal. Hy keer terug met 'n rewolwer in sy hand. Almal is geskok en weet nie hoe om daarop te reageer nie. Hy mik die rewolwer op van sy vriende. Narissa val op die vloer neer terwyl Maria met haar rug teen die muur staan wanneer Luan die rewolwer op haar rig. Nadia probeer haarself oortuig dat dit slegs 'n droom is terwyl Maria Luan probeer oorreed om die rewolwer neer te sit. Later laat sak Luan die rewolwer en sê vir sy vriende dat dit net 'n grap was. Nie almal geniet Luan se klaarblyklike grap nie. Nadia gryp Maria aan haar arm en saam hardloop hulle weg van die situasie waarin hulle hulself bevind.

**Kontekstuele vrae:**

Human & Rousseau

7.1. Verduidelik Narissa se opmerking aan Maria oor meneer Voster wat nie meer van haar sal hou sodra sy iets van die lewe leer nie.

7.2. Waarom is Narissa besorg oor Maria se gevoelens teenoor meneer Voster? Bespreek.

7.3. Hoe laat gaan die eerste aardbewing hulle tref?

7.4. Dink jy dit is realisties dat tieners oor politiek in die Midde-Ooste sal gesels? Bespreek.

7.5. Wat het Luan gaan haal wat almal in die vertrek tot stilstand bring?

7.6. Watter verduideliking gee Luan vir die voorwerp wat hy gaan haal het?

7.7. Wat het Luan vir Maria gevra terwyl sy met haar rug teen die muur gestaan het?

7.8. Verduidelik waarom jy dink hy haar juis dié vraag gevra het.

7.9. Hoe sal jy reageer indien een van jou vriende 'n gevaarlike wapen op jou of jou vriende rig? Bespreek.

7.10. Waarom het Nadia vir Maria aan haar arm gegryp? Verduidelik.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

**HOOFSTUK 8**

**Tyd: Vrydagaand, 20 Julie**

**Opsomming:**

Nadia en Maria hardloop by die deur uit tot by die bome. Hulle stap verder weg en later bevind hulle hulself in ’n bos. Hulle gesels oor Luan en wat moontlik tot sy optrede aanleiding gegee het. Later wil Maria haar ma bel om haar te kom haal. Haar selfoon lê egter nog in Luan se kamer. Nadia ontvang ’n whatsapp van Luan wat wil weet waar hulle is. Maria vertel vir Nadia van haar pa se siekte. Later hoor beide geluide in die bos en probeer so stil as moontlik asem te haal. Luan het hulle in die bos opgespoor. Hulle beraam ’n plan om weg te hardloop. Nadia val en Luan probeer haar ophelp. Hy sê vir hulle dat hy die rewolwer weggesteek het, maar dat iemand anders dit gevind het. Hy weet dus nie wie die rewolwer het nie. Hulle besluit om saam na die brug toe te stap.

**Kontekstuele vrae:**

8.1. Verduidelik waarom Nadia se ouers hul toestemming verleen het dat sy Luan se partytjie mag bywoon.

Human & Rousseau

8.2. Watter twee redes voer Maria aan kan die moontlike oorsaak vir Luan se gedrag wees?

8.3. Waarop baseer Nadia haar mening dat Luan gevaarlik is? Bespreek.

8.4. Hoekom wil Nadia Maria se mooi skoene aantrek?

8.5. Wie het vir hulle ’n whatsapp gestuur?

8.6. Dink jy dit is wys van Nadia en Maria om in die donker in ’n bos rond te loop? Motiveer jou antwoord.

8.7. Aan watter siekte het Maria se pa gesterf? Waaruit kan jy dié afleiding maak? Verduidelik.

8.8. Wie daag onverwags in die bos op?

8.9. Waarom kon Nadia nie vinnig genoeg van Luan weghardloop nie?

8.10. Watter verduideliking gee Luan vir sy optrede vroeër daardie aand?

8.11. Sou jy vir Luan vertrou het na die insident met die rewolwer? Verduidelik.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

**HOOFSTUK 9**

**Tyd: Vrydagaand, 20 Julie**

**Opsomming:**

Maria, Nadia en Luan stap deur die bos op pad na die brug. Die brug het egter verdwyn en hulle vermoed dat dit as gevolg van 'n aardskudding ingetuimel het. Maria besef dat haar ma haar nie meer sal kan oplaai nie. Sy trek haar skoene uit en gooi dit oor die afgrond. Nadia wil iemand bel om hulle te kom red, maar Maria oorreed haar dat dit sinneloos sal wees aangesien hulle nie in gevaar verkeer nie. Die drie besluit om padlangs terug na Luan se huis te stap.

**Kontekstuele vrae:**

9.1. Wat vermoed jy het met die brug gebeur? Verduidelik.

9.2. Waarom sal Maria se ma haar nie kan kom oplaai nie?

9.3. Verduidelik waarom Maria haar skoene oor die afgrond gooi.

9.4. Indien jy jouself in Maria-hulle se skoene sou bevind, sou jy jou vriende ingelig het dat die brug verdwyn het? Bespreek.

Human & Rousseau

**HOOFSTUK 10**

**Tyd: Vrydagaand, 20 Julie**

**Opsomming:**

Terug by Luan se huis wil Trevor weet waar Maria-hulle was. Sy sê vir hom dat hulle gaan stap het. Luan het bloed op sy arm en Nadia op haar gesig. Nadia het 'n krapmerk oor haar wang en Luan is beseer toe Maria hom op die grond neergegooi het. Nadat Nadia die stof en modder van haarself afgespoel het, sê sy dat sy moeg is en wil gaan slaap. Luan hou Maria se hand vas terwyl sy sy wond ontsmet. Maria stel voor dat Luan met iemand oor sy probleme gaan praat. Hy noem egter dat hy dit een keer probeer doen het, maar dat daar niks van gekom het nie. Wanneer Maria Luan help om op te staan en na sy kamer toe te neem, verklaar hy sy liefde aan Maria.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

**Kontekstuele vrae:**

10.1. Watter voorstel maak Maria aan Luan?

10.2. Noem twee redes waarom Luan nie met ’n onderwyser of sielkundige kan praat nie.

10.3. Dink jy meneer Voster het korrek opgetree toe hy vir Luan gesê het om met iemand anders te praat nadat hy hom om hulp genader het? Bespreek.

10.4. Verduidelik waarom Maria nie Evert se voorstel oorweeg om haar by haar ma en suster te gaan aflaai nie.

10.5. Waarom sê Maria dat sy “ten minste rede [het] om [haar pa] te mis? Verduidelik.

10.6. Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**?

Luan en sy pa het ’n hegte pa-seun verhouding.

10.7. Hoekom “haat” Maria Luan se pa op daardie oomblik? Bespreek.

**HOOFSTUK 11**

**Tyd: Vrydagaand, 20 Julie**

Human & Rousseau

**Opsomming:**

Maria sit met haar voete in die badwater. Later wil sy aan Luan se kamerdeur gaan klop, maar besluit daarteen. Sy gaan klop eerder aan Nadia se kamerdeur en Nadia sluit die deur oop om haar binne te laat. Hulle besluit om hulself vir veiligheidsredes in die kamer toe te sluit. Maria sien vir Elsa buite en merk later op dat Elsa baie bleek is. Elsa is geskok oor wat sy op Evert se selfoon gevind het. Hulle moet egter ’n plan beraam om sy selfoon aan hom terug te besorg sonder dat hy gaan agterkom dat Elsa sy selfoon by haar gehad het. Die plan misluk egter aangesien Evert weet dat Maria sy selfoon in haar sak het. Maria dink terug aan iets wat sy gedoen het toe sy jonger was. Dit laat haar baie skuldig voel. Maria en Evert gesels oor vriendskap, vryheid en begeerte. Maria wil egter baie graag sien wat Elsa op Evert se selfoon gesien het.

**Kontekstuele vrae:**

11.1. Watter veiligheidsmaatreëls het Luan se pa by hulle huis geïnstalleer?

11.2. Hoe het Maria geweet dat dit Elsa was wat buite langs die boom gestaan het?



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

11.3. Verduidelik hoe dit gebeur het dat Elsa Evert se selfoon in die hande gekry het.

11.4. Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**?

Narissa en Evert was in ’n verhouding.

11.5. Waarom was Elsa so gretig om Evert se selfoon in die hande te kry?

11.6. Verduidelik waarna die “Holocaust” verwys. Bespreek in die klas.

11.7. Dink jy dat Evert moontlik bi- of homoseksueel mag wees? Gee ’n rede vir jou antwoord.

11.8. Wat, dink jy, bedoel Elsa wanneer sy na “violent” verwys nadat sy Evert se foon bestudeer het?

11.9. Watter voorstel maak Maria om Evert se foon aan hom terug te besorg sonder dat hy weet dat Elsa deur sy foon se inhoud gegaan het?

11.10. Hoe het Evert geweet dat Maria sy selfoon by haar het?

11.11. Besit jy ’n foto (gedrukte of elektroniese) foto wat vir jou sentimentele waarde het? Bespreek.

**HOOFSTUK 12**

Human & Rousseau

**Tyd: Vrydagaand, 20 Julie**

**Opsomming:**

Maria maak die kamerdeur oop, sluit die deur agter haar en klim saam met Nadia in die bed. Gevolglik voel hulle veilig agter die geslote kamerdeur. Maria het ’n buitengewone ervaring en wonder of sy besig is om te droom of nie. Later ruk beide Maria en Nadia van ’n harde geluid wat hulle gehoor het. Maria is oortuig dat dit ’n geweerskoot was. Hulle kom op Gerrit af wat met die rewolwer in sy hand staan. Evert is op sy knieë. Gerrit sê dat dit ’n ongeluk was en dat hulle hom moet glo. Maria neem dadelik beheer oor die situasie en wil Evert help om sy bloeding te stop. Sy merk egter op dat die bloed nie warm is nie. Gerrit begin lag en Evert erken dat dit ’n poets was. Hulle het die rewolwer opgespoor op die plek waar Luan dit vroeër weggesteek het. Gerrit sit die rewolwer op die vloer neer en skop dit in Evert se rigting. Evert tel die rewolwer op en steek dit by sy broek se band in. Luan duik na Evert, maar Evert systap hom en Luan val teen die bank. Later fluister Nadia vir Maria dat dit eintlik Evert is vir wie hulle bang moet wees.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

**Kontekstuele vrae:**

12.1. Wat het daartoe gelei dat Maria en Nadia die veilige ruimte van die slaapkamer verlaat?

12.2. Wat beteken die woord "poets"? (**Gebruik 'n woordeboek om die betekenis na te slaan.**) (Dus om 'n poets te bak.)

12.3. Dink jy die poets wat Gerrit en Evert op hulle vriende gebak het is snaaks? Bespreek in die klas.

12.4. Verduidelik hoe Gerrit daarin geslaag het om die rewolwer in die hande te kry.

12.5. Watter geheim omtrent Evert deel Luan met Maria?

12.6. Verduidelik waarom Nadia van mening is dat hulle eintlik vir Evert bang moet wees en nie vir Luan nie.

**HOOFSTUK 13**

**Tyd: Vrydagaand, 20 Julie**

**Opsomming:**

Human & Rousseau

Elsa stel voor dat die vriendegroep moet stem oor wie die rewolwer moet hou. Na afloop van 'n uitgerekte stemproses en allerhande oor en weer beskuldigings wat rondgeslinger word, sê Evert dat hy nie die rewolwer gaan weggee nie. Elsa noem dat sy en Evert gesoen het. Gerrit is baie ontsteld dat sy meisie en Evert mekaar gesoen het en mik in Evert se rigting. Hy slaan hom teen sy kakebeen en die vriende moet hom van Evert af trek. Hulle sluit hom in een van die slaapkamers toe sodat hy kan kalmeer. Maria sê sy weet hoe hulle die probleem rondom die rewolwer kan oplos en sodoende die vertrouensbreuk tussen die vriende kan herstel. Later voel Maria duiselig. Nadia vat haar na die slaapkamer om te rus. Maria mis haar pa, haar gesin en ook om klein te wees.

**Kontekstuele vrae:**

13.1. Met watter voorstel kom Elsa vorendag?

13.2. Waarom, dink jy, maak Elsa hierdie voorstel? Bespreek in die klas.

13.3. Verduidelik hoe die stemmery gaan plaasvind.

13.4. Bespreek die dilemma wat die groep na afloop van die stemmery in die gesig staar.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

13.5. Watter beskuldiging maak Trevor teenoor Luan?

13.6. Watter afleiding kan die leser maak uit Maria se opmerking rondom die "oostelike deel van die dorp"?

13.7. Hoekom, dink jy, het Narissa vir die groep gesê dat Maria 'n crush op mnr. Voster het? Verduidelik.

13.8. Wat het daartoe aanleiding gegee dat hulle vir Gerrit in een van die kamers moes toesluit?

13.9. Wat is Maria se oplossing om van die rewolwer ontslae te raak?

## HOOFSTUK 14

**Tyd: Vrydagaand, 20 Julie**

**Opsomming:**

Evert slaan teen die kamerdeur waar Maria en Nadia slaap. Hulle is huiwerig om die slaapkamerdeur vir hom oop te sluit, maar Evert dreig dat hy die deur se slot sal oopskiet indien hulle nie die deur oopsluit nie. Maria wil graag die papiertjies met die name op bestudeer, maar kry nie voldoende tyd om dit te doen nie. Hulle dra kos en komberse na buite waar hulle onder die gazebo gaan sit. Luan is vies vir Evert omdat hy een van sy pa se hemde aangetrek het. Hulle besef later dat daar nie juis veel kos oor is om te eet nie. Narissa maak Maria se gevoelens seer met 'n onsensitiewe opmerking. Luan kom later uit die huis met sy ma se prent wat hy onder die gazebo neersit.

Human & Rousseau

**Kontekstuele vrae:**

14.1. Hoe wil Maria bepaal wie sy kan vertrou? Verduidelik.

14.2. Waarom beskou Evert homself as die groepleier?

14.3. Watter afleiding kan die leser maak oor die feit dat Luan gewoonlik McDonald's eet in plaas van 'n tuisgemaakte maaltyd?

14.4. Wat insinueer Narissa wanneer sy vir Maria sê: "Ten minste is hy so oud soos ek?"

14.5. Hoekom, dink jy, het Luan sy ma se prent uit die huis verwyder en dit saam buitentoe geneem? Bespreek.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

14.6. Indien jy en jou vriende 'n moontlike aardskudding sou verwag, sou julle binne of buite die huis skuiling gesoek het? Verduidelik.

14.7. Hoe sou jy Narissa se karakter beskryf gebaseer op die feit dat sy sê dat sy "nie lelik wil wees wanneer [sy] dood is nie?" Bespreek.

**HOOFSTUK 15**

**Tyd: Vrydagaand, 20 Julie**

**Opsomming:**

Terwyl die groep vriende buite staan, voel hulle hoe die aarde onder hulle begin skud. Hulle besef dat die aardskuddings 'n realiteit is waarvan hulle nie kan ontvlug nie. Trevor besef egter dat Gerrit nie by hulle is nie en dan onthou Maria dat Gerrit steeds in die slaapkamer toegesluit is. Luan hardloop die huis binne om die slaapkamerdeur vir Gerrit oop te sluit, maar Gerrit is nie meer in die slaapkamer nie. Gerrit weet egter nie van die skeur en die brug wat verbrokkel het nie en verkeer gevolglik in gevaar indien hy in die mis sou verdwaal. Luan en Maria bied aan om Gerrit te gaan soek aangesien hulle nie wil hê dat die res van die groep van die skeur moet weet nie. Luan ken 'n kortpad na die brug en noem aan Maria dat hy altyd daar rondgeloop het wanneer hy vir sy pa weggekruip het. Later verloor Maria en Luan mekaar in die digte mis, maar gelukkig kon Maria weer vir Luan opspoor. Luan en Maria deel 'n intieme oomblik wat vir Maria baie spesiaal is. Maria is egter vir 'n oomblik bekommerd dat Gerrit dalk mag selfdood pleeg deur by die afgrond af te spring. Later stap hulle verder en Luan wys vir Maria die donkerblou rugsak wat hy vir 'n noodgeval in die mik van 'n boomtak weggesteek het.

**Kontekstuele vrae:**

15.1. Waarom is dit volgens Evert nie meer veilig om in die huis in te gaan nie?

15.2. Met watter vrae worstel Maria toe Luan die huis binnedraf om die slaapkamerdeur vir Gerrit oop te sluit?

15.3. Watter betekenisse kan aan die titel van die jeugroman gekoppel word? Bespreek.

15.4. Wat kan die leser aflei omtrent Luan se pa? Bespreek.

15.5. Waarom, dink jy, regverdig Luan sy pa se optrede? Verduidelik.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

15.6. Wat het daartoe aanleiding gegee dat Maria verdwaal het?

15.7. Watter items is alles in Luan se donkerblou rugsak?

15.8. Met watter slim plan het Maria vorendag gekom sodat sy en Luan mekaar nie weer in die digte mis verloor nie?

**HOOFSTUK 16**

**Tyd: Saterdagoggend, 21 Julie**

**Opsomming:**

Maria en Luan is naby aan die plek waar die brug was. Hulle probeer steeds om vir Gerrit op te spoor. Maria lê op haar maag en kyk oor die rand van skeur om te sien of sy dalk vir Gerrit en die rivier kan sien. Luan kom met ’n plan vorendag en hy en Maria stap in die teenoorgestelde rigting al langs die skeur om te kyk of hulle vir Gerrit kan opspoor. Maria gebruik die lig van Luan se selfoon om te kan sien waar sy loop. Toe die lig skielik afgaan, besluit sy om Luan se foon te verken. Die verwysing na die woord "violent" steek steeds in haar gedagtes vas. Sy voel effens verlig toe sy niks vreemd op sy foon vind nie, maar sy voel skuldig omdat sy hom wantrou. Later besef sy dat sy moet terugkeer om vir Luan te ontmoet, maar sien twee strepe lig voor haar. Sy kon daarin slaag om vir Gerrit op te spoor.

Human & Rousseau

**Kontekstuele vrae:**

16.1. Maria het ’n komplekse verhouding met water. Verduidelik watter gevoelens Maria met water assosieer.

16.2. Watter voorstel maak Maria aan Luan?

16.3. Hoe weet die leser dat dit reeds Saterdagoggend, 21 Julie is?

16.4. Wie sing die liedjie waarna daar op bl. 112 verwys word? (Leidraad: bestudeer die verwysings in die jeugroman.)

16.5. Hoe sou jy die toon van die liedjie in vraag 16.4. beskryf? Verduidelik.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

**HOOFSTUK 17**

**Tyd: Saterdagoggend, 21 Julie**

**Opsomming:**

Maria vind Luan se motor op die rand van die afgrond. Die motor se ligte is aan en ’n dik tou is aan die onderkant van die motor vasgemaak. Gerrit verduidelik aan Maria wat sy plan met die tou is. Maria het egter haar bedenkinge en besluit dat sy vir Gerrit sal moet keer om nie sy plan uit te voer nie. Nadat sy Gerrit oorreed het om liewer sy plan te staak, ry hulle terug na Luan se huis. Op pad terug laai hulle vir Luan op. Hy erken aan Maria en Gerrit dat sy pa hom wel een of twee keer regtig seergemaak het. Luan sê vir Gerrit dat hy aan die verkeerde kant van die pad ry. Terwyl hulle terug ry, dink Maria aan haar pa. Sy word opnuut getref deur skuldgevoelens. Sy dink aan haar verhouding met haar pa vergeleke met die tussen Luan en sy pa. Dit laat haar hartseer voel. Hulle ry in stilte terug na Luan se huis.

**Kontekstuele vrae:**

17.1. Watter afleiding het Maria gemaak toe sy die dik tou sien wat onderaan Luan se kar vasgemaak is?

Human & Rousseau

17.2. Verduidelik wat ’n “galg” (bl. 113) is. **(Gebruik ’n woordeboek indien jy nie weet wat die woord beteken nie.)**

17.3. Met watter plan kom Gerrit vorendag om aan die ander kant van die skeur te kom?

17.4. Watter verduideliking gee Maria aan Gerrit oor waarom sy van mening is dat sy plan met die tou nie gaan werk nie.

17.5. Dink jy Gerrit is nog kwaad vir Evert en Elsa? Bespreek.

17.6. Watter bekentenis maak Luan teenoor Gerrit en Maria?

17.7. Verduidelik waarom Maria nog nie kans gesien het om haar pa se graf te besoek nie.

17.8. Dink jy Maria se skuldgevoelens is geregverdig? Bespreek.

17.9. Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**?

Maria is ’n goeie netbalspeler.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

**HOOFSTUK 18**

**Tyd: Saterdagoggend, 21 Julie**

**Opsomming:**

Terug by Luan se huis hardloop Elsa na Gerrit toe, maar hy igoreer haar. Trevor begin ’n gesprek voer oor positiewe denke en dit blyk gou dat almal verskillende menings hieroor het. Narissa gesels met Maria en noem aan haar dat sy weet watter vooropgestelde idees Maria van haar het. So noem sy dat sy lank gewag het voor sy saam met ’n ou geslaap het. Maria dink aan die keer toe haar pa met haar oor seks probeer praat het. Hy het haar gewaarsku om na haarself te kyk aangesien sy nie altyd mans kan vertrou om dit te doen nie. Narissa maak van die geleentheid gebruik om ’n goeie skindersessie in te werk. Sy vertel vir Maria van die bespiegeling rondom meneer Voster en waarom hy sy vorige onderwyspos verlaat het. Laasgenoemde storie laat Maria egter herbesin oor haar gevoelens vir meneer Voster. Later vertel Narissa vir Maria van haar swangerskap en daaropvolgende miskraam.

**Kontekstuele vrae:**

Human & Rousseau

18.1. Watter vooropgestelde idees het mense oor Narissa?

18.2. Wat vertel Narissa vir Maria oor meneer Voster?

18.3. Waarom, dink jy, voel Maria skielik anders oor meneer Voster?

18.4. Watter suggestie maak Narissa wanneer sy opmerk: “Maar hy’s definitief strenger met die seuns?”

18.5. Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**?

Narissa het verkies om haar baba te aborteer eerder as om die kind groot te maak.

18.6. Dink jy Narissa se ma was geregverdig om namens haar dogter oor haar swangerskap te besluit? Bespreek.

18.7. Watter belangrike lewensles leer Maria by Narissa?

18.8. Verduidelik waarom Narissa gemaklik voel om haar persoonlike ervarings so openlik met Maria te deel.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

**HOOFSTUK 19**

**Tyd: Saterdagoggend, 21 Julie**

**Opsomming:**

Narissa besluit om vir Maria ’n makeover te gee. Aanvanklik is Maria nie daarvoor te vinde nie, maar sy stem tog daartoe in. Sy vertel vir Maria van die keer toe Luan moes help deur ’n blou kol op sy been met onderlaag te verdoesel. Narissa sê vir Maria dat Luan van haar hou en dat hy die gebreekste mens is wat sy ken. Narissa verduidelik vir Maria op watter wyse grimering mense om die bos kan lei. Maria merk op dat Narissa ook uiterlike foute het. Onder andere sien Maria die snymerke op Narissa se arm. Wanneer Narissa klaar is met Maria se makeover, komplimenteer Evert haar op haar voorkoms. Maria is egter te beskeie om die kompliment ter harte te neem.

**Kontekstuele vrae:**

19.1. Verduidelik Narissa se teorie rondom die gebruik van grimering.

19.2. Wat beteken die gesegde “om op jou hoede te wees”?

19.3. Waarop dui die snymerke op Narissa se arm?

Human & Rousseau

19.4. Hoe het Narissa die letsel by haar wenkbrou opgedoen?

19.5. Wat kan jy doen indien jy vermoed dat ’n vriend of vriendin hom- of haarself met ’n skerp voorwerp sny? Bespreek.

**HOOFSTUK 20**

**Tyd: Saterdagoggend, 21 Julie**

**Opsomming:**

Maria bied aan om hout te gaan optel aangesien Evert vroeër al die hout in die kaggel gegooi het. Evert sê dat hy haar sal help. Sy wou eintlik alleen gaan stap om haar gemoed te kan uitsorteer, maar wil nie nou van plan verander en sodoende vir Evert wys dat sy bang is vir hom nie. Terwyl hulle hout optel, praat hulle oor die rewolwer. Evert is van mening dat hy die rewolwer moet hou aangesien hy dit die langste het en niemand in die proses beseer is nie. Maria kom egter met ’n alternatiewe voorstel na vore om van die rewolwer ontslae te raak. Evert besluit dat Maria se plan kan werk aangesien hy nie die heeltyd na die rewolwer wil kyk nie. Hy besluit egter om op sy



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

eie na die brug toe te stap. Maria tel die takke op en stap terug na die gazebo waar hulle uitkamp.

**Kontekstuele vrae:**

20.1. Waarom is Maria teleurgesteld toe Evert aanbied om haar te help hout optel?

20.2. Waarmee assosieer sy vir Evert?

20.3. Watter afleiding kan die leser omtrent Gerrit se profielfoto maak? Bespreek.

20.4. Hoe regverdig Evert die feit dat hy die beste persoon is om die rewolwer op te pas?

20.5. Verduidelik waarom Evert saamstem dat Maria se plan om die rewolwer in die skeur te gooi 'n goeie idee is.

**HOOFSTUK 21**

**Tyd: Saterdagoggend, 21 Julie**

**Opsomming:**

Human & Rousseau

Die groep vriende sit en wag vir die langverwagte aardskudding om plaas te vind. Narissa wonder waar Evert is. Almal is verveeld en kan nie besluit wat hulle moet doen terwyl hulle wag vir die einde van die wêreld om aan te breek nie. Narissa merk op dat die geluide onder die aarde al hoe harder word. Daarna volg 'n geweldige aardskudding waartydens die mure van Luan se huis kraak en die glas van die vensters breek. Stadig begin dele van die huis meegee gevolg deur vlamme wat die huis verswelg. Die aardskuddings raak erger en almal is bang. Hulle wonder steeds waar Evert op daardie oomblik is en of hy dalk iets oorgekom het. Maria voel weereens skuldig dat sy Evert gestuur het om die rewolwer in die skeur te gaan gooi. Nadat die aardskuddings bedaar het, besluit Maria om Evert te gaan soek. Luan besluit om by haar aan te sluit. Die verwoesting is oral rondom hulle merkbaar. Hulle slaag daarin om Evert op te spoor, maar Evert is ernstig beseer.

**Kontekstuele vrae:**

21.1. Op watter groot gebeurtenis sit die groep vriende en wag?

21.2. Verduidelik waaroor Maria op daardie oomblik skuldig voel.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

21.3. Wat insinueer Maria wanneer sy opmerk dat "hy [Evert] dit [sou] kon doen sonder om daaroor te dink?" (bl. 138)

21.4. Wie het saam met Maria na Evert gaan soek?

21.5. Op watter grusame toneel kom Maria en Luan af wanneer hulle vir Evert opspoor?

21.6. Wat sou jou onmiddellike reaksie gewees het indien Evert jou vriend was?

**HOOFSTUK 22**

**Tyd: Saterdagoggend, 21 Julie**

**Opsomming:**

Evert lê op sy rug met die tak wat by sy maag uitsteek. Luan trek sy trui uit en sit dit op Evert se bors neer. Maria sê vir Luan om die mes te gaan haal sodat hulle die tak van die boom kan skei deur dit met die mes te probeer afsaag. Terwyl Maria vir Evert probeer kalmeer, noem hy aan haar dat die rewolwer geval het en onder 'n bos lê. Hy vra Maria om die rewolwer te kry. Skielik besef Maria wat Evert van haar verwag. Sy is geskok en word weer deur skuldgevoelens oorval. Evert probeer haar oortuig om hom van sy lyding te verlos, maar Maria hou nie van geweld nie. Sy kry egter die rewolwer in die hande en beweeg in Evert se rigting, maar gelukkig daag Nadia op om haar te keer voor sy tot enige aksie kon oorgaan. Nadia neem die rewolwer en slinger dit die donker in. Elsa daag ook op en is spyt dat sy die noodhulpkissie in Luan se huis vergeet het. Maria druk haar serp op Evert se wond terwyl Luan die tak van die boom probeer afkerf. Maria sê dat hulle nie die tak moet uithaal nie. Narissa pak haar handsak uit om te kyk of daar iets is waarmee hulle die tak kan afsaag. Later daag Elsa op met 'n saag waarvan die lem swart gebrand is. Hulle slaag daarin om die tak van die boom te skei. Hulle roep vir Trevor en Gerrit om hulle te help om Evert op 'n kombers te tel en terug na die gazebo te dra. Trevor raak egter histeries van skok wanneer hy vir Evert sien. Hulle moet baie stadig beweeg sodat Evert nie verder beseer word nie. Uiteindelik daag hulle by Luan se huis op wat nou slegs 'n hoop rommel is.

Human & Rousseau

**Kontekstuele vrae:**

22.1. Waarmee gaan Maria en Luan die tak van die boom probeer skei?



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

22.2. Verduidelik waarom Evert vir Maria vra om die rewolwer onder die bos te gaan optel.

22.3. Indien jou vriend of vriendin so ernstig soos Evert beseer is, sal jy in staat wees om sy/haar versoek (ssortgelyk aan die van Evert) te kan uitvoer? Bespreek.

22.4. Waarom sal dit nie help om ’n ambulans te bel om Evert te kom oplaai nie?

22.5. Hoekom, dink jy, praat Gerrit oor voëls se vere terwyl die ander oor Evert se besering bekommerd is?

22.6. Verduidelik waarom ’n voorwerp wat in ’n persoon se liggaam vassit slegs deur ’n mediese dokter verwyder moet word.

22.7. Waarom besluit die vriende om Evert terug na waar Luan se huis was te skuif?

**HOOFSTUK 23**

**Tyd: Saterdagoggend, 21 Julie**

**Opsomming:**

Maria-hulle sit Evert op Gerrit se slaapsak neer. Trevor het egter in die bos agtergebly en Narissa bied aan om te gaan kyk of hy nog daar is. Elsa stel voor dat hulle ’n vuur moet maak sodat hulle warm kan bly. Hulle braai ook die wors sodat hulle iets kan eet. Elsa probeer om die ambulans te bel. Slegs ’n outomatiese stem antwoord die oproep en sê dat hulle weer oor ’n uur moet terugskakel. Maria onthou egter dat daar ’n spesiale noodnommer vir die aand is wat mense kan skakel. Nadia skakel die spesiale noodnommer. Toe sy daarin slaag om met iemand in verbinding te tree, gryp Elsa die foon by haar en vra om hulp. Nadat Gerrit die wors klaar gebraai het, breek hy dit in stukkies en sit dit in broodjies vir hulle om te eet. Later herwin Evert sy bewussyn en Maria gee vir hom Powerade om te drink en hou sy hand vas. Later wil Gerrit die stuk hout uit Evert se maag haal, maar Luan stamp hom weg. Teen kwart voor vier die oggend besef hulle dat daar nie weer ’n aardskudding was nie. Narissa is terug en sê dat Trevor besluit het om nie saam terug te kom nie. Hulle hoor ’n dreuning en ’n helikopter daag op. Maria sê vir die twee mans wat by die helikopter uitklim dat Evert haar broer is waarna hulle haar toelaat om saam met hom in die helikopter na die hospitaal te vlieg.

Human & Rousseau



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

**Kontekstuele vrae:**

23.1. Waarom het Maria-hulle besluit om ’n vuur te maak?

23.2. Hoekom was daar daardie aand ’n spesiale noodnommer wat mense kon bel?

23.3. Wie, naas Maria, voel ook skuldig oor Evert wat alleen weggeloop het om die rewolwer in die skeur te gaan gooi?

23.4. Watter realiteit rondom meneer Voster dring tot Maria deur?

23.5. Wat is die één positiewe gebeurtenis van die aand?

23.6. Hoe het die nooddienste daarin geslaag om Evert by ’n hospitaal te kry?

23.7. Verduidelik waarom Maria vir die nooddienspersoneel gesê het dat Evert haar broer is.

## HOOFSTUK 24

**Tyd: Saterdagoggend, 21 Julie**

**Opsomming:**

Evert verkeer in baie pyn en Maria wens die man wil vir hom ’n verdowingsmiddel gee. Hy plaas ’n suurstofmasker oor Evert se mond, luister na sy hartritme en toets sy bloeddruk. Na ’n paar minute in die lug land die helikopter in die veld agter die hospitaal. Evert word na die regterkantste stasie vir noodgevalle geneem aangesien die hospitaal vol is. Maria besef dat sy met haar ma in verbinding moet tree sodat sy weet waar sy is. Sy is steeds bekommerd oor Evert en wil hom gaan soek, maar ’n vrou keer haar voor. Sy gaan sit op die grond en raak in haar eie gedagtes verlore.

**Kontekstuele vrae:**

24.1. Verduidelik waarom dit so bedrywig by die hospitaal is.

24.2. Waarom word die pasiënte na verskillende stasies gestuur om mediese behandeling te ontvang?

24.3. Watter herinnering kom in Maria se gedagtes op toe sy aan Evert dink?

24.4. Hoekom het Maria nie haar ma gebel toe sy by die hospitaal gearriveer het nie?

24.5. Dink jy Evert gaan oorleef ten spyte van die ernstige besering wat hy opgedoen het? Gee ’n rede vir jou antwoord.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

**HOOFSTUK 25**

**Tyd: Saterdagoggend, 21 Julie**

**Opsomming:**

Toe Maria wakker skrik, is haar ma by haar. Maria voel skuldig omdat haar vriende nog vasgekeer is aan die ander kant van die brug terwyl sy gered is as gevolg van ’n leuen wat sy vertel het. Tog is sy bly dat sy nie meer daar is nie. Maria se ma vertel vir haar dat Evert gesterf het. Maria is baie ontsteld en hardloop om hom te gaan soek. Sy vind hom met ’n laken wat oor sy lyf tot op sy bors gegooi is. Die tak is uitgehaal, maar sy gesig is wit en daar is bloed op die laken. Sy poog om enige aanduiding van lewe in sy liggaam op te spoor, maar helaas is hy inderdaad oorlede. Die verpleegster verduidelik aan Maria waaraan Evert gesterf het. Maria besin oor wie die skuld vir Evert se dood moet dra.

**Kontekstuele vrae:**

25.1. Wanneer gaan Maria se vriende wat hulself aan die ander kant van die brug bevind, gered word?

Human & Rousseau

25.2. Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**?

Evert het weens ’n hartstilstand gesterf.

25.3. Maak ’n lys van al die persone wat volgens Maria moontlik skuld dra wat tot Evert se dood gelei het.

25.4. Watter raad sou jy aan iemand gee wat ’n vriend of vriendin aan die dood afgestaan het?

25.5. Dink jy dit is normaal dat Maria skuldig voel oor Evert se dood? Verduidelik.

**HOOFSTUK 26**

**Tyd: Saterdagoggend, 21 Julie**

**Opsomming:**

Maria-hulle se huis is effens beskadig deur die aardskuddings. Bibi slaap nog en Maria besluit om by haar in te loer net om seker te maak dat sy veilig is waarna sy gaan stort. Sy probeer om Trevor se visualisasie-tegniek te beoefen deur haarself te verbeel dat Evert nooit iets oorgekom het nie. Maar gou kom sy tot die besef dat ’n mens nie



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

iemand aan die lewe kan dink nie. Sy dink terug aan wat presies almal gedoen het om Evert se lewe te probeer red. Sy vra hardop vir Evert om verskoning dat hulle nie sy lewe kon red nie.

**Kontekstuele vrae:**

26.1. Waaruit kan die leser aflei dat dit nog vroegdag is wanneer Maria terug by haar ouerhuis is?

26.2. Wat, dink jy, simboliseer die skeur in die oprit voor Maria se huis asook die krake in hulle plafon? Bespreek.

26.3. Waar het Elsa die saag gekry wat hulle gebruik het om die tak van die boom te skei?

26.4. Wat het elkeen van Evert se vriende gedoen om hom na die ongeluk te probeer help?

26.5. Hoe sou jy gevoel het indien jy jouself in Maria se skoene sou bevind? Bespreek.

26.6. Verduidelik waarom die lirieke van The Fray se "How to save a life" gepas is binne die konteks van die hoofstuk.

Human & Rousseau

**HOOFSTUK 27**

**Tyd: Sondag, 22 Julie**

**Opsomming:**

Maria besoek Evert se ma om haar medelye te betoon. Hulle drink 'n koppie tee en Maria vertel vir haar gedeeltes van die gebeure rondom Evert se dood. Sy het Evert se selfoon skoongevee en gee dit vir sy ma. Op haar beurt vertel Evert se ma vir Maria van haar egskeiding toe Evert agt jaar oud was en die uitwerking wat dit op haar en Evert se verhouding gehad het. Maria lig haar in dat Evert haar gevra het om 'n boodskap aan haar oor te dra wat sy dan ook gevolglik doen. Al is dit 'n leuen, beteken dit baie vir sy ma. Evert se ma vertel vir Maria dat Evert altyd goed gepraat het oor haar en dat hy saam met 'n meisie soos sy sou wou wees.

**Kontekstuele vrae:**

27.1. Waaruit kan die leser aflei dat dit nie meer Saterdag is nie?



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

27.2. Waarom het Maria besluit om slegs gedeeltes van die gebeure rondom Evert se ongeluk met sy ma te deel?

27.3. Wat gee Maria vir Evert se ma?

27.4. Wat vertel Evert se ma vir Maria oor Evert se pa?

27.5. Waarom het Maria besluit om Evert se ma te besoek?

27.6. Watter verrassende inligting deel Evert se ma met Maria?

**HOOFSTUK 28**

**Tyd: Maandag, 23 Julie**

**Opsomming:**

Maria se ma laai haar agter by die netbalbaan af aangesien die pad voor die skool steeds afgekamp is. Maria wens alles kon net weer wees soos wat dit voor daardie naweek se aardskudding was. Sy groet haar ma en klim uit die motor. Sy verkeer in ’n tipe onwerklike droomwêreld en kan steeds nie sin maak van alles wat die afgelope paar dae gebeur het nie. Nadia loop verby Maria sonder om haar in die oë te kyk. Sy gesels met Yolandi en later kom sit Luan langs haar op die sementtrap. Hulle gesels oor vrees en hy vertel ook vir Maria oor sy pa wat besluit het dat hulle na Kaapstad gaan verhuis. Maria is teleurgesteld aangesien Luan belowe het dat hy altyd daar sal wees vir haar.

Human & Rousseau

**Kontekstuele vrae:**

28.1. Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**?

Maria het steeds gevoelens vir meneer Voster.

28.2. Stem jy saam met Maria se ma se voorstel dat Maria moontlik met ’n sielkundige moet gaan praat? Motiveer.

28.3. Waarna verwys die “so-called 27s club” in die jeugroman?

28.4. Wat vind daardie Dinsdag plaas?

28.5. Indien jy die skoolhoof van hoërskool Bitterbugfontein was, wat sou jy daardie Maandagoggend tydens skooltyd gedoen het om die leerders na afloop van die naweek se gebeure te ondersteun?

28.6. Watter teleurstellende nuus deel Luan met Maria?



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

28.7. Wat bedoel Maria wanneer sy sê: “Hy weet nie. Dat ek dit sou gedoen het…” (bl. 190)?

**HOOFSTUK 29**

**Tyd: Maandag, 23 Julie**

**Opsomming:**

Maria lê op haar arms aangesien sy nie lekker voel nie. Die onderwyser stel voor dat sy in die siekekamer gaan lê aangesien sy bleek lyk. In die siekekamer trek Maria die gordyne toe, gaan sit op die voetenent van die bed en haal die rewolwer uit haar skooltas uit. Maria is baie depressief en die naweek se gebeure spook by haar. Sy is oorweldig deur skuldgevoelens en ervaar boonop verskeie vorme van verlies. Sy wonder of daar nog enigsins ’n rede vir haar voortbestaan is. Deur die loop van die dag het dit vir Maria gevoel asof haar tas al hoe swaarder weeg. Sy neem die rewolwer en druk dit teen die onderkant van haar ken, maar iemand klop egter aan die deur en sy gooi die rewolwer neer en druk die kussing daaroor.

**Kontekstuele vrae:**

Human & Rousseau

29.1. Verduidelik waarom Maria voel dat daar geen rede meer is om aan te gaan met haar lewe nie.

29.2. Sou jy sê Maria ly aan depressie? Motiveer jou antwoord.

29.3. Hoe het dit gebeur dat die rewolwer in Maria se skooltas beland het?

29.4. Watter rede voer Trevor aan waarom hy nie die rewolwer by die polisiestasie wou gaan inhandig nie?

29.5. Wat beplan Maria om met die rewolwer te doen?

29.6. Dink jy dat dit gepas is vir tienerlesers om oor ’n onderwerp soos selfdood in ’n jeugroman te lees? Bespreek in die klaskamer.

29.7. Met wie kan tieners gesels indien hulle depressief voel of daaraan dink om selfdood te pleeg?

29.8. Wat simboliseer Maria se “swaar tas” waarna sy verwys?

29.9. Wat het gebeur dat Maria nie kans gekry het om selfdood te pleeg nie?



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

**HOOFSTUK 30**

**Tyd: Maandag, 23 Julie**

**Opsomming:**

Maria sit in die verpleegster se kantoor wat eintlik net ’n leë pakkamer is. Aisha kom onverwags binne en Maria is onseker wat sy daar kom soek. Aisha probeer by Maria uitvis hoe dit met haar gaan, maar Maria kom tot die besef dat sy altyd jok oor haar ware gevoelens. Aisha erken aan Maria dat sy haar nog altyd gefassineer het aangesien dit altyd moeilik is om te weet wat Maria werklik dink. Aisha is egter van mening dat vriende mekaar moet help en stel voor dat Maria daardie komende Sondag saam met haar na haar pastoor moet gaan sodat sy hom aan haar kan voorstel. Hy spesialiseer in trauma berading en Aisha sê dat sy self al vir berading by hom was. Maria sê egter dat sy daaroor sal dink. Sy haal die rewolwer onder die kussing uit en sit dit terug in haar tas.

**Kontekstuele vrae:**

30.1. Verduidelik waarom dit ironies is dat die groep die rewolwer vir Maria wou gee om op te pas.

Human & Rousseau

30.2. Aan die einde van die jeugroman noem Aisha Maria foutiewelik “Mara”. Wat beteken die naam “Mara?”

30.3. Waarom bied Aisha aan om Maria tydens hierdie moeilike tyd in haar lewe te ondersteun?

30.4. Watter voorstel maak Aisha aan Maria?

30.5. Hoekom stel Aisha voor dat Maria spesifiek met haar pastoor moet praat? Verduidelik.

30.6. Is jy tevrede met die slot van die jeugroman? Gee ’n rede vir jou antwoord.

30.7. Indien jy ’n alternatiewe slot vir die jeugroman kon skryf, hoe sou jy die verhaal beëindig het?



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

## LITERÊRE OPSTELVRAE

Die KABV (2011:35) beskryf die literêre opstel soos volg:

In hierdie opstelle reageer ’n skrywer vertolkend, evaluerend, nadenkend en selfs persoonlik op ’n literêre teks. Argumente word aangebied en ondersteun of geïllustreer deur na die teks te verwys; die taal van die teks kan ondersoek word en daar kan aangetoon word dat dit spesifieke taalwetenskaplike of letterkundige waarde het. Die styl is formeel, maar nie oordrewe objektief nie. ’n Persoonlike respons kan in sommige opstelle gevra word.

Die voorgeskrewe lengte vir die literêre opstel gebaseer op ’n roman in **graad tien** is **300-350 woorde**.

Moontlike literêre opstelvrae gebaseer op Carel van Rooyen se jeugroman *Skeur*.

**VRAAG 1**

Maria ondergaan **karakterontwikkeling** deur die loop van die jeugroman.

Skryf ’n opstel van **300-350 woorde** waarin jy dié stelling bespreek.

Human & Rousseau

**VRAAG 2**

**Skuldgevoelens** is een van die deurlopende temas in die roman.

Skryf ’n opstel van **300-350 woorde** waarin jy bespreek hoe skuldgevoelens Maria se karakter affekteer.

**VRAAG 3**

Verskeie karakters ervaar **trauma** deur die loop van die jeugroman.

Skryf ’n opstel van **300-350 woorde** waarin jy die verskillende karakters se traumatiese ervarings bespreek.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

## LITERÊRE OPSTELVRAE: MEMORANDA

**Riglyne vir die nasien van literêre opstelvrae:**

- Leerders word nie gepenaliseer indien die opstel korter as die verlangde lengte is nie.
- Indien die literêre opstel te lank is, assesseer dit op meriete.
- Die nasienriglyne is slegs 'n riglyn. Ander relevante inhoud moet as korrek beskou word.
- Gebruik die voorgeskrewe rubriek (opstelvraag: roman) om die literêre opstelvraag na te sien. (**Departement van Basiese Onderwys**)

**Die punt uit 25 word soos volg toegeken:**

1. **Inhoud (15 punte):** Interpretasie van die onderwerp, diepte van die argument, verantwoordbaarheid en insig in die teks.
2. **Struktuur en taal (10 punte):** Struktuur, logiese vloei en aanbieding, taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel.

Human & Rousseau



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

**VRAAG 1**

Maria ondergaan **karakterontwikkeling** deur die loop van die jeugroman.

Skryf 'n opstel van **300-350 woorde** waarin jy dié stelling bespreek.

**Die leerder bied 'n gepaste inleiding aan.**

- Daar vind **karakterontwikkeling by Maria plaas aangesien sy tot nuwe insigte kom** omtrent verskeie aspekte van haar lewe.

- Alhoewel Maria aanvanklik baie van meneer Voster gehou het, kom sy tot die besef dat hy immers net een van haar onderwysers is. Narissa sê boonop vir haar dat meneer Voster nie meer in haar sou belangstel indien sy haar onskuld sou verloor nie. ("Hy is net iemand wat een keer… per toeval… daar was toe ek hom nodig gehad het.") Boonop is daar gerugte wat die rondtes doen oor meneer Voster se gedrag by 'n vorige skool waar hy gewerk het. Gevolglik kon sy haarself van hom distansieer.

- Deur Luan se kuier-partytjie by te woon, ondergaan Maria op vele wyses karakterontwikkeling. Sy leer die waarde van vriendskap ken en dat sy nie mense bloot op grond van skinderstories of hul uiterlike voorkoms – soos in Narissa se geval – moet takseer nie.

- Sy leer ook dat sy op haar eie unieke wyse mooi is en dus nie haar voorkoms met ander moet vergelyk nie. (Evert komplimenteer haar nadat Narissa vir haar grimering aangewend het.)

Human & Rousseau

- Maria ervaar ook haar eerste intieme oomblik met Luan van wie sy baie hou.

- Evert het Maria gevra om hom te skiet en dus genadedood toe te dien. Maria was op die punt om tot dié drastiese daad oor te gaan voor sy deur Nadia gestop is. Sy besef dat sy as mens ook tot moord in staat is.

- Maria besluit om nie selfdood te pleeg deur haarself met Luan se pa se rewolwer te skiet nie. Alhoewel sy depressief en getraumatiseer voel, bied Aisha aan om haar te help en sodoende weer die spreekwoordelike lig te kan sien. Maria besef dat die onderdrukking en ontkenning van pyn nie goed is nie. Vroeër het sy dit as 'n teken van innerlike krag gesien, maar aan die hand van haar pa se dood besef sy dat hy 'n beter kans op oorlewing sou gehad het as hy eerder hulp gekry het (bl. 164). Dit is moontlik dat sy self ook haar pyn met ander sal deel.

- Gevolglik het Maria geleer wat die waarde van ware vriendskap is en dat alle mense probleme van hulle eie het. Sy is nie die enigste tiener wat oor 'n verlore pa treur, trauma ervaar het of aan depressie ly nie.

**Die leerder bied 'n gepaste slot aan.**



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

## VRAAG 2

**Skuldgevoelens** is een van die deurlopende temas in die roman.

Skryf 'n opstel van **300-350 woorde** waarin jy bespreek hoe verskeie karakters in die jeugroman met skuldgevoelens gekonfronteer word.

**Die leerder bied 'n gepaste inleiding aan.**

- **Skuld is 'n belangrike tema** in *Skeur*.
- Verskeie karakters ervaar deur die loop van die narratief skuldgevoelens as gevolg van sekere gebeurtenisse in hulle lewe.
- Maria voel skuldig oor die feit dat Luan sy arm beseer het aangesien sy hom op die grond neergegooi het. Sy blameer haarself ook vir Nadia wat geval het aangesien Nadia haar skoene aangehad het. Sy voel ook skuldig oor haar seksuele fantasie wat sy as kind gekoester het deur na die prentjies van manlike onderbroekmodelle wat op die verpakking afgedruk is in Woolworths te kyk. Daarna sou sy oor die manlike liggaam fantaseer. (bl. 77-78)
- Maria dink gedurig aan haar pa wat oorlede is. Sy voel skuldig en sy wonder of sy hom kon help indien sy beter gedoen het op skool, of meer haar ma gehelp het om die huis skoon te maak, of minder geld nodig gehad het om hokkie te speel. Sy het boonop nog nie sy graf besoek sedert hy oorlede is nie.
- Maria voel dat sy verantwoordelik is vir Evert se ongeluk aangesien sy hom gestuur het om die rewolwer in die skeur te gooi. Gevolglik voel sy dat dit haar skuld is dat die tak deur sy maag gesteek het.
- Wanneer Maria by die hospitaal is, voel sy skuldig omdat sy gejok het om saam met Evert in die helikopter te kon ry terwyl haar vriende steeds afgesonder is aan die ander kant van die skeur.
- Maria bevraagteken ook wie se skuld dit was dat Evert gesterf het. Sy dink na oor die aand se gebeure en op watter wyse verskeie persone moontlik tot sy dood bygedra het. Sy kom tot die konklusie dat almal (Luan, meneer Voster, Evert self, Elsa asook Nadia) dalk die skuld moet dra.
- Ook Gerrit voel skuldig oor Evert se dood. Hy erken dat hy gewens het Evert gaan dood. Laasgenoemde kan toegeskryf word aan die feit dat Evert sy meisie (Elsa) gesoen het.

**Die leerder bied 'n gepaste slot aan.**



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

**VRAAG 3**

Verskeie karakters ervaar **trauma** deur die loop van die jeugroman.

Skryf 'n opstel van **300-350 woorde** waarin jy die verskillende karakters se traumatiese ervarings bespreek.

**Die leerder bied 'n gepaste inleiding aan.**

- Daar is verskeie voorbeelde van karakters wat trauma ervaar in die jeugroman.
- Maria is vanselfsprekend getraumatiseer oor haar pa se dood. Sy is ook getraumatiseer oor die vooruitsig van 'n gewelddadige dood wat vir almal insluitend haar vriende en familie voorlê wanneer die aardbewings plaasvind. Sy is besonder erg getraumatiseer oor Evert se dood en die aandeel wat sy in sy dood gehad het. Sy word geestelik getraumatiseer deur die aand se gebeure en dit wat sy oor haar vriende asook meneer Voster leer.
- Trevor is getraumatiseer toe hy die tak wat deur Evert sy maag gesteek het, sien. Hy het begin skree. Gevolglik kon hy hulle nie help om Evert terug na Luan se huis te dra nie.
- Afwesige of gewelddadige vaderfigure dra ook by tot trauma wat deur Maria, Luan en Evert ervaar is. Maria se pa is oorlede, Evert se ouers is geskei en Luan se pa mishandel hom.
- Meneer Voster veroorsaak ook trauma deur sy onverskillige optrede teenoor Maria. Hy het ook nie vir Luan gehelp toe hy hom om hulp genader het nie.

**Die leerder bied 'n gepaste slot aan.**

Human & Rousseau



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

## MEMORANDUM: KONTEKSTUELE VRAE

### HOOFSTUK 1

1.1. Die inwoners van Bitterbrugfontein het ’n geruis gehoor en die spanning onder hulle gevoel. Die aardskuddings het ’n werklikheid geword.

1.2. Hy het aangekondig dat die skool Vrydag gesluit sal wees.

1.3. Hoërskool Bitterbrugfontein.

1.4. ’n Eerstepersoonsverteller. **(Die leerder moet ’n voorbeeld uit die jeugroman aanhaal om sy/haar antwoord te motiveer.)**

1.5. Meneer Voster hou van Maria.

1.6. Die naam verwys na ’n fiktiewe popgroep of sanger.

1.7. **Leerder se eie mening.** (Die leerder moet verduidelik waarom hy/sy die atmosfeer by die skool so beskryf.)

1.8. **Leerder se eie afleiding.** (Maria voel moontlik aangetrokke tot of verlief op meneer Voster.)

1.9. Meneer Voster en Maria het mekaar in die veld raakgeloop. Hy het haar getroos na die afterwe van haar pa.

Human & Rousseau

1.10. Sy verwys na die mensdom wat die planeet vernietig deur middel van besoedeling, oorbevolking en die oorbenutting van natuurlike hulpbronne. Klimaatsverandering kan gevolglik die einde van die mensdom beteken.

1.11. Daar word voorspel dat die aarde deur aardskuddings getref sal word wat die aarde sal verskeur en sodoende groot lewensverlies teweeg sal bring.

1.12. ’n Richerskaal word gebruik om die intensiteit van ’n aardbewing aan te dui.

1.13. **Leerder se eie mening.**

### HOOFSTUK 2

2.1. Toast Coetzer is ’n sanger, digter, romansier, joernalis asook liriekskrywer.

2.2. Maria besef dat hulle teen komende Maandag almal dood kan wees.

2.3. Die woorde is ironies aangesien daar voorspel word dat die mensdom binne ’n paar dae uitgewis gaan word. Maria-hulle leef dus letterlik hul laaste dae.

2.4. Haar pa is siek aangesien sy gehoes Maria wakker gehou het.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

2.5. Meneer Voster was op die koppie.

2.6. Maria se pa het aan kanker gesterf en gevolglik is sy bekommerd dat meneer Voster ook kanker kan kry.

2.7. Die leser lei af dat Maria moontlik aangetrokke is tot meneer Voster of sy sien in hom ’n tipe vaderfiguur. Gevolglik is sy bekommerd dat hy uit haar lewe kan verdwyn.

2.8. “Ek wil nie doodgaan nie.”

**HOOFSTUK 3**

3.1. **Leerder se eie mening.**

3.2. Yolandi wil graag gewig verloor sodat sy mooi kan wees en Luan haar sal raaksien.

3.3. Yolandi is baie jaloers dat Maria na Luan se kuier by sy huis uitgenooi is.

3.4. Elsa neem verbruikerstudies en is baie goed daarin.

3.5. **Leerder se eie respons.**

Human & Rousseau

3.6. Maria insinueer dat Evert en Luan se ‘manlikheid’ en seksuele oriëntasie bloot op grond van hul voorkoms en status as rugbyspelers nie bevraagteken sal word nie en dus aan mekaar mag raak sonder om as gay geëtiketteer te word.

3.7. Nee. Luan speel vir die skool se tweede span.

3.8. Maria voel skuldig aangesien sy eintlik die aand by haar gesin wou spandeer, maar terselfdertyd ook baie graag na Luan se kuier (partytjie) wil gaan.

3.9. **Leerder se eie mening.**

3.10. Maria se ma voel dat hulle eerder almal saam met wees aangesien dit moontlik hulle laaste aand saam as gesin kan wees.

**HOOFSTUK 4**

4.1. Hy was 43 jaar oud.

4.2. Volgens die verslag gaan Suid-Afrika op 21 Julie reuse aardbewings ervaar as gevolg van verskeie intertektoniese plate wat gaan skuif en sodoende energie gaan vrystel wat tot aardskuddings en skeurings aanleiding sal gee.

4.3. **Leerder se eie respons.** (Bespreek in die klaskamer.)



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

4.4. Richard Charles werk vir die AIMGSA en was een van die navorsers wat die verslag saamgestel het waarin die aardskuddings voorspel word. Hy het ook 'n video daaroor vrygestel.

4.5. **Leerder se eie mening.**

4.6. Daar word voorspel dat alle lewende wesens moontlik deur die aardskuddings uitgewis kan word.

## HOOFSTUK 5

5.1. **Leerder se eie mening.** (Die brug kan moontlik ineenstort.)

5.2. **Leerder se eie respons.**

5.3. Hulle gaan direk na die veiligheidsarea toe ry.

5.4. Naas Luan is Elsa, Gerrit, Trevor, Narissa, Nadia, Evert en Maria by die kuier-partytjie.

5.5. Luan se ouers is in New York.

5.6. Elsa het vir hulle pizza gemaak om te eet.

5.7. **Leerder se eie mening.** (Bespreek in die klaskamer.)

Human & Rousseau

5.8. Maria en Evert was saam op kleuterskool in die Heuningby-klas.

5.9. **Leerder se eie respons.**

5.10. Waar

## HOOFSTUK 6

6.1. Elsa en Gerrit gaan al vir vier maande uit.

6.2. Volgens Maria is Elsa en Gerrit vir mekaar bedoel en word daar na hulle verwys as een van die skool se Hollywood couples.

6.3. Die groep vriende verwag dat die mensdom die volgende oggend deur die aardskuddings uitgewis gaan word.

6.4. Elsa vertel vir hulle dat sy 'n swaeltjie wat uit sy nes geval het, versorg het. Sy het egter eendag by die huis gekom en gebid dat indien sy en Gerrit moet opbreek, moet die swaeltjie doodgaan. Gevolglik is die swaeltjie toe dood.

6.5. 'n Feminis verwys na 'n persoon wat hom/haar daarvoor beywer dat vroue op alle gebiede dieselfde regte en geleenthede as mans moet hê.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

6.6. ’n Persoon se geslag verwys na sy of haar biologiese geslag waarmee hy of sy gebore is. Gender verwys na die geslagsidentiteit waarmee ’n persoon identifiseer.

6.7. Martin Lawrence is ’n komediant terwyl Martin Luther King ’n belangrike historiese figuur is wat homself vir ’n nierassige samelewing beywer het. Laasgenoemde is veral bekend vir sy “I have a dream”-toespraak.

6.8. **Leerder se eie respons en verduideliking.**

6.9. Maria-hulle gaan heel waarskynlik nie meer kerk (of gereeld kerk) toe na haar pa se afsterwe nie.

6.10. ’n Verhouding tussen ’n onderwyser en ’n minderjarige leerder is taboe. Dit is onwettig en onprofessioneel en gevolglik kan Maria se vriende ongemaklik voel oor die feit dat sy van meneer Voster hou.

## HOOFSTUK 7

7.1. Narissa sinspeel daarop dat meneer Voster aangetrokke is tot Maria se onskuld en maagdelikheid en dat hy nie meer dieselfde gevoelens jeens haar sal koester indien sy daardie onskuld verloor nie.

7.2. Narissa het haarself in ’n soortgelyke posisie bevind, maar gou tot die besef gekom dat mense net vir jou lief kan wees as hulle jou ken.

Human & Rousseau

7.3. Die eerste aardbewing word vir na twee in die oggend (Saterdag) voorspel.

7.4. **Leerder se eie mening.**

7.5. Luan het sy pa se rewolwer gaan haal.

7.6. Luan voer aan dat hy die rewolwer gaan haal het om hulle veilig te hou.

7.7. Luan het vir Maria gevra of sy regtig van meneer Voster hou.

7.8. Luan is moontlik jaloers omdat hy verlief is op Maria.

7.9. **Leerder se eie respons.**

7.10. Sy het haar aan die arm gegryp sodat hulle saam kan weghardloop.

## HOOFSTUK 8

8.1. Nadia se ouers glo nie dat die wêreld die volgende oggend gaan vergaan nie.

8.2. Volgens Maria kan Luan se optrede moontlik toegeskryf word aan vrees vir sy pa asook angs in die algemeen.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

8.3. Nadia glo dat Luan gewelddadig optree aangesien statistieke toon dat tieners wat deur hul pa mishandel word ook gewelddadig word.

8.4. Nadia het nog nooit vantevore sulke mooi skoene gedra nie.

8.5. Luan het vir hulle 'n whatsapp gestuur.

8.6. **Leerder se eie mening.**

8.7. Maria se pa het heel waarskynlik aan longkanker gesterf aangesien hy baie gehoes het en dat die dokter voorspel het dat hy slegs maande oor het om te leef.

8.8. Luan daag onverwags in die bos op.

8.9. Sy het Maria se skoene aangehad. Die skoene was te groot vir haar voete en gevolglik het sy geval.

8.10. Luan wou gehad het dat hulle vir 'n oomblik moet voel soos hy die heeltyd voel.

8.11. **Leerder se eie respons.**

## HOOFSTUK 9

9.1. Die brug het heel waarskynlik ineengestort as gevolg van die aardskudding. **(Enige soortgelyke antwoord kan oorweeg word.)**

Human & Rousseau

9.2. Aangesien die brug verdwyn het, sal sy nie oor die rivier kan kom om Maria by Luan se huis op te tel nie.

9.3. **Leerder se eie mening.** (Maria voel moontlik asof daar geen hoop vir die toekoms is nie en sy gaan gevolglik nie weer die geleentheid hê om haar skoene te dra nie. Dit dui ook op 'n aksie van verset aangesien hulle na Luan se huis moet terugkeer.)

9.4. **Leerder se eie mening.** (Bespreek in die klaskamer.)

## HOOFSTUK 10

10.1. Maria stel voor dat Luan met 'n sielkundige oor sy probleme moet gesels.

10.2. Luan wil nie met iemand gaan gesels nie aangesien hy een keer met meneer Voster probeer praat het en dié hom nie kon help nie. Gevolglik het hy sy vertroue in mense verloor. Tweedens gaan die mensdom moontlik binnekort vergaan so daar sal nie 'n geleentheid wees vir Luan om met 'n sielkundige te gaan praat nie.

10.3. **Leerder se eie respons.**



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

10.4. Maria weet dat die brug nie meer bestaan nie. Maria, Nadia en Luan het ooreengekom om nie vir die ander vriende van die brug te vertel nie.

10.5. Maria se pa is oorlede terwyl Luan se pa, wat hom mishandel, nog lewend is.

10.6. Onwaar

10.7. Sy pa was sy held gewees. Dit is dus vir Maria skokkend om te hoor hoe sy pa hom behandel. Gevolglik haat sy Luan se pa.

**HOOFSTUK 11**

11.1. Sy pa het 'n alarmstelsel laat installeer en het ook die rewolwer.

11.2. Maria kon die rooi van Elsa se hare uitmaak.

11.3. Evert was so gefokus op die rewolwer dat Elsa sy selfoon gevat het toe hy sy aandag op die rewolwer gefokus het.

11.4. Onwaar

11.5. Elsa wou kyk of daar nie dalk 'n opname of foto van die twee van hulle (sy en Evert) op sy selfoon was nie.

11.6. Die "Holocaust" verwys na die Nazi's se vervolging van die Jode tydens die Tweede Wêreldoorlog. Ses miljoen Jode asook ander sogenaamde 'ongewenste' groepe is in konsentrasiekampe om die lewe gebring.

Human & Rousseau

11.7. **Leerder se eie respons.** (Verwys na bl. 74 se terugblik.)

11.8. **Leerder se eie respons.** (Dit waarna Evert op sy foon kyk, bevat heel moontlik pornografiese tonele of dade tussen mans wat gewelddadig van aard is.)

11.9. Maria stel voor dat Elsa deur die venster moet klim, by die deur uitglip en die selfoon in die vou van die bank druk sodat Evert onder die indruk verkeer dat sy foon uit sy sak geval het.

11.10. Hy het die vorm en grootte van sy selfoon in Maria se sak herken aangesien haar eie selfoon kleiner as sy selfoon is.

11.11. **Leerder se eie respons.**

**HOOFSTUK 12**

12.1. Hulle het 'n harde geluid gehoor wat soos 'n geweerskoot geklink het.

12.2. Om 'n Poets te bak verwys na iemand wat iets grappigs doen (poets bak) om die ander persoon dom te laat voel of verspot te laat lyk.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

12.3. **Leerder se eie respons.** (Bespreek in die klaskamer.)

12.4. Luan het nie die toiletbak se deksel heeltemal teruggedruk nie (hy het die rewolwer daarin weggesteek) en gevolglik het Gerrit daarin geslaag om die rewolwer in die hande te kry.

12.5. Luan sê vir Maria dat Evert steroïedes gebruik.

12.6. Na aanleiding van die poets wat Gerrit en Evert op hul vriende gebak het en die feit dat Evert nou die rewolwer het, laat Nadia voel dat hulle eerder vir Evert in plaas van Luan bang behoort te wees.

## HOOFSTUK 13

13.1. Elsa stel voor dat hulle moet stem oor wie die rewolwer moet hou.

13.2. **Leerder se eie respons.** (Bespreek in die klaskamer.)

13.3. Elkeen moet iemand se naam op ’n stukkie papier skryf en dit in ’n Tupperware-bak gooi waarna die stemme getel sal word.

13.4. Nie een van die vriende kon die meerderheid stemme verkry om sodoende die rewolwer te kon hou nie.

13.5. Trevor beskuldig Luan daarvan dat hy sekere rasgroepe as gewelddadig beskou. **(Enige soortgelyke verduideliking.)**

Human & Rousseau

13.6. Maria suggereer dat daar meer geweld in die oostelike deel van die dorp plaasvind.

13.7. **Leerder se eie respons.**

13.8. Gerrit het vir Evert aangeval aangesien hy uitgevind het dat Evert en Elsa (sy meisie) mekaar een keer gesoen het.

13.9. Maria stel voor dat sy die rewolwer by die afgrond waar die brug was, afgooi.

## HOOFSTUK 14

14.1. Maria is van mening dat indien sy die handskrifte op die papiertjies met die name op kan sien, sal sy in staat wees om te weet wie sy kan vertrou.

14.2. Hy beskou homself as die groepleier aangesien hy die rewolwer en dus oor die mag beskik om die groepleier te wees.

14.3. Luan se ouers is selde tuis. Gevolglik moet hy vir homself kos koop (of maak).

14.4. Sy insinueer dat Maria verlief is op haar (ouer) onderwyser.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

14.5. **Leerder se eie respons.** (Sentimentele waarde of liefde vir sy moeder. Hy assosieer ook met die geweld.)

14.6. **Leerder se eie respons.**

14.7. **Leerder se eie respons.**

## HOOFSTUK 15

15.1. Weens die aardskudding wat hulle ervaar het, is die huis se fondament moontlik beskadig en kan gevolglik ineenstort.

15.2. Maria wonder of Gerrit nog kwaad is, of hy Elsa en Evert vergewe het en of hy hulle vergewe het omdat hulle hom in die skaapkamer toegesluit het.

15.3. Die titel "skeur" verwys na die letterlike skeur in die aardkors waar die brug ingetuimel het. Op figuurlike vlak dui dit ook op die skeur tussen vriende wat weens sekere gebeure ontstaan het.

15.4. Luan se pa is 'n gewelddadige man wat sy seun mishandel (slaan).

15.5. **Leerder se eie mening.** (Luan is lief vir sy pa. Sy pa was immers sy held.)

15.6. Maria het stilgestaan en afgebuk om 'n stokkie uit haar pantoffel te skud. Luan het aangestap en gevolglik verloor hulle mekaar in die bos.

Human & Rousseau

15.7. Blikkieskos (mielies en tuna), 'n blikoopmaker, 'n bottel water, 'n klomp note in 'n banksakkie, 'n boksie vuurhoutjies asook 'n baadjie.

15.8. Maria het haar serp as 'n tou gebruik deur die punte van die serp aan haar en Luan se arms vas te knoop sodat hulle mekaar nie weer verloor nie.

## HOOFSTUK 16

16.1. Die see maak Maria hartseer en riviere maak haar onrustig. Water as motief kan aan depressie gekoppel word.

16.2. Maria stel voor dat sy en Luan uitmekaar moet gaan en langs die rand van die skeur na Gerrit moet soek.

16.3. Dit is twintig oor een. Dit is dus reeds die volgende oggend (Saterdag, 21 Julie).

16.4. The Fray

16.5. **Leerder se eie respons.** (Depressiewe of hartseer toon.)



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

**HOOFSTUK 17**

17.1. Maria het gedink dat Gerrit selfdood gepleeg het deur homself te hang.

17.2. ’n Galg verwys na ’n struktuur bestaande uit ’n raamwerk van hout met ’n dwarsbalk bo en ’n tou daaraan vasgemaak wat gebruik word om veroordeelde misdadigers wat die doodstraf opgelê is, aan op te hang.

17.3. Gerrit wil met die tou tot onder in die skeur klim en dan weer aan die ander kant teen die wal uitklim.

17.4. Maria waarsku hom dat dit te gevaarlik is aangesien die tou te kort is, hy aan die ander kant sal moet opklim sonder enige klimgereedskap en dat hul 20 minute se ry van die dorp af is.

17.5. **Leerder se eie respons.**

17.6. Luan bely dat hy sy ma gekeer het toe sy wou weggaan aangesien hy nie alleen by sy pa wou agterbly nie. Verder noem hy dat sy pa hom nog net een of twee keer regtig seergemaak het.

17.7. Maria weet dat haar pa nie meer in vlees en bloed daar is nie.

18.8. **Leerder se eie respons.**

18.9. Onwaar

Human & Rousseau

**HOOFSTUK 18**

18.1. Sommige mense dink dat Narissa ’n losbandige seksuele lewe beoefen.

18.2. Narissa vertel vir Maria dat meneer Voster sy vorige onderwyspos (skool) moes verlaat aangesien daar gerugte is dat hy ’n verhouding met ’n skoolmeisie gehad het.

18.3. **Leerder se eie respons.**

18.4. Narissa suggereer dat meneer Voster die meisies voortrek en geneig is om meer aandag aan hulle te bestee. Hy oorskry dus die grens tussen die leerder en die onderwyser.

18.5. Onwaar

18.6. **Leerder se eie respons.**

18.7. Maria het by Narissa geleer dat almal (alle mense) iets het om weg te steek en gevolglik is mense geneig om ander te mislei en vir hulle te jok.

18.8. Narissa is van mening dat Maria nie skinder nie en voel dus gerus om haar geheime met Maria te deel.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

## HOOFSTUK 19

19.1. Volgens Narissa kan ’n persoon hartseer of sleg voel. Deur grimering aan te wend, sal mense dink dat die persoon gelukkig is aangesien hy of sy mooi lyk.

19.2. Die gesegde beteken dat ’n persoon versigtig of waaksaam moet wees.

19.3. Narissa sny haarself met skerp voorwerpe. Deur haarself te sny, poog sy om van sekere probleme in haar lewe te ontvlug.

19.4. Narissa het teen ’n sementtrap voor hulle huis geval toe sy klein was.

19.5. **Leerder se eie respons.** (Bespreek in die klaskamer.)

## HOOFSTUK 20

20.1. Sy is nog heimlik bang vir Evert en wou die tyd gebruik om haar gedagtes te orden.

20.2. Maria assosieer Evert met geweld.

20.3. Die leser kan daaruit aflei dat Gerrit ’n ervare jagter is en weet hoe om ’n vuurwapen te hanteer. Hy sal ook nie huiwer om ’n vuurwapen se sneller te trek nie.

Human & Rousseau

20.4. Evert is van mening dat hy die rewolwer moet hou aangesien hy dit die langste van almal gehad het en niemand tydens die tydperk iets oorgekom het nie.

20.5. Evert stem daartoe in aangesien die kos amper op is en dat daar moontlik ’n bakleiery onder die vriende kan plaasvind wanneer hulle honger is. Die rewolwer hou dus ’n gevaar vir almal in.

## HOOFSTUK 21

21.1. Hulle wag vir die groot aardskudding wat voorspel is om te begin.

21.2. Maria voel skuldig omdat sy vir Evert gestuur het om die rewolwer in die skeur te gaan gooi. Hy sou gevolglik nie alleen gewees het tydens die aardskudding nie.

21.3. Evert sou ’n ander manlike vriend kon vashou sonder dat iemand hom as gay sou etiketteer.

21.4. Luan

21.5. Evert lê plat op die grond met ’n tak van ’n boom wat deur sy maag gesteek het.

21.6. **Leerder se eie respons.**



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

## HOOFSTUK 22

22.1. Hulle wil ’n mes gebruik om die tak van die boom te skei.

22.2. Evert verkeer in pyn en wil hê dat Maria ’n genadedood op hom toepas deur hom te skiet. Sodoende sal hy nie meer in pyn wees nie.

22.3. **Leerder se eie respons.**

22.4. Die brug het tydens ’n vorige aardskudding ingetuimel en die ambulans sal gevolglik nie oor die skeur tot by Luan se huis kan ry nie.

22.5. **Leerder se eie respons.** (Gerrit ly aan skok en dit is dus sy manier om alles wat gebeur te kan verwerk.)

22.6. Die persoon kan moontlik dood bloei wanneer die voorwerp verwyder word. Dit moet dus deur ’n gekwalifiseerde dokter in die geskikte ruimte verwyder word.

22.7. Hulle is bang dat hy verdere beserings kan opdoen wanneer die volgende aardskudding begin.

## HOOFSTUK 23

Human & Rousseau

23.1. Hulle gaan koud kry en hulle moet vir Evert warm hou totdat die ambulans opdaag.

23.2. Dit is die aand waartydens die groot aardskudding sal plaasvind en daar dus veiligheidsmaatreëls ingestel is om beseerdes by te staan.

23.3. Gerrit voel ook skuldig oor wat met Evert gebeur het.

23.4. Maria kom tot die besef dat meneer Voster net iemand is wat een keer daar was toe sy hom nodig gehad het om haar te troos.

23.5. Die aardskuddings wat voorspel was, het toe nie die mensdom uitgewis nie.

23.6. Hulle het ’n helikopter gestuur om Evert na die hospitaal te vervoer.

23.7. Evert wou nie Maria se hand los nie. Gevolglik het sy gejok sodat sy saam met hom in die helikopter na die hospitaal kon vlieg.

## HOOFSTUK 24

24.1. Talle mense is tydens die aardskudding beseer.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

24.2. Die hospitaal is oorvol en daar is nie voldoende personeel en fasiliteite om terselfdertyd aan almal aandag te gee nie. Die ernstiger gevalle word dus na ’n ander stasie gestuur sodat diegene wie se lewe in gevaar is eerste gehelp kan word.

24.3. Maria dink terug aan haar verjaarsdag (toe sy in graad een was) waartydens Evert sy Smarties met haar gedeel het.

24.4. Sy het nie meer ’n selfoon gehad om haar ma te skakel nie.

24.5. **Leerder se eie mening.** (Die leerder moet sy of haar mening motiveer.)

**HOOFSTUK 25**

25.1. Hulle sal deur ’n reddingspan gered word sodra dit daglig word.

25.2. Onwaar

25.3. Maria self, Luan, meneer Voster, Evert self, Elsa en Nadia. Of dalk is almal verantwoordelik vir sy dood (insluitend Gerrit, Trevor en Narissa).

25.4. **Leerder se eie respons.**

25.5. **Leerder se eie mening.** (Die leerder moet sy of haar antwoord motiveer.)

Human & Rousseau

**HOOFSTUK 26**

26.1. Haar suster, Bibi, slaap nog.

26.2. **Leerder se eie respons.**

26.3. Elsa het na die noodhulpkissie in die rommel van dit wat eens Luan-hulle se huis was, gaan soek. Sy het toe op die saag afgekom.

26.4. Elsa het die saag gevind toe sy die noodhulpkissie gaan soek het.
Almal behalwe Trevor het gehelp om Evert terug na Luan se huis te dra.
Trevor het na ’n plek gaan soek om oor die skeur te kon kom.
Gerrit het ’n vuur gemaak om Evert warm te hou.
Nadia het die ambulans gebel en gekeer dat Maria vir Evert skiet.
Narissa het gegoogle wat hulle moes doen.
Luan het die tak afgesaag en sy trui vir Evert gegee.

26.5. **Leerder se eie respons.**

26.6. Die lirieke is gepas aangesien Maria skuldig voel oor Evert se dood en ook treur oor sy dood.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

**HOOFSTUK 27**

27.1. Evert se ma se kombuis staan vol blomme. Daar het dus tyd verloop sedert Evert gesterf het.

27.2. Maria wou nie Evert se ma verder ontstel met onsmaaklike besonderhede oor die vorige aand se gebeure nie. Boonop is sy ook bang om haarself te impliseer in sy dood.

27.3. Sy gee Evert se selfoon vir sy ma.

27.4. Evert se ouers het geskei toe hy agt jaar oud was. Sy pa was dus afwesig in sy lewe.

27.5. Maria besoek Evert se ma om sy selfoon terug te gee, maar ook uit skuldgevoel.

27.6. Evert se ma sê vir Maria dat Evert altyd goed van haar gepraat het en dat hy saam met 'n meisie soos sy sou wou wees.

**HOOFSTUK 28**

28.1. Onwaar

28.2. **Leerder se eie mening.**

Human & Rousseau

28.3. Dit verwys na bekende sangers en kunstenaars wat op 27-jarige leeftyd oorlede is.

28.4. Evert se gedenkdiens vind Dinsdag plaas.

28.5. **Leerder se eie respons.**

28.6. Luan sê vir Maria at hulle na Kaapstad gaan verhuis.

28.7. Maria sou vir Evert doodgeskiet het indien Nadia nie opgedaag het nie.

**HOOFSTUK 29**

29.1. Maria is moedeloos aangesien haar pa gesterf het. Sy voel skuldig oor Evert se dood en is hartseer dat Luan na Kaapstad gaan verhuis.

29.2. **Leerder se eie mening.** (Die leerder moet sy of haar antwoord motiveer.)

29.3. Trevor het die rewolwer in Maria se tas gesit aangesien sy ouers hom uit hulle huis sou skop indien hulle 'n rewolwer in sy besit sou vind.

29.4. Hy is bang dat die polisie hom moontlik van iets mag verdink op grond van sy ras.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

29.5. Maria wil haarself skiet. Sy wil selfdood pleeg.

29.6. **Leerder se eie mening.** (Bespreek in die klaskamer.)

29.7. **Leerder se eie respons**. (Enige persoon wat hy of sy kan vertrou.)

29.8. Die swaar tas simboliseer haar swaar en donker gemoedstoestand.

29.9. Aisha het onverwags opgedaag.

**HOOFSTUK 30**

30.1. Dit is ironies aangesien Maria die enigste persoon is wat dit amper gebruik het om iemand te skiet. (Evert en Gerrit het slegs in die lug geskiet.)

30.2. Die naam "Mara" beteken bitter.

30.3. Aisha het self al trauma ervaar en glo dat vriende mekaar moet ondersteun.

30.4. Aisha stel voor dat Maria Sondag saam met haar kerk toe gaan sodat sy haar aan haar pastoor kan voorstel.

30.5. Die pastoor is baie goed met traumaberading.

Human & Rousseau

30.6. **Leerder se eie mening.** (Die leerder moet sy of haar mening motiveer.)

30.7. **Leerder se eie respons.**



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

## WOORDVERKLARINGS

| WOORD | BLADSY | BETEKENIS |
|---|---|---|
| **liefdadigheid** | **7** | Om steun aan hulpbehoewendes te gee |
| **missionaries (Engels – bl.13)** | **13** | ’n Persoon wat ingestel is op die sending en kerklik of godsdienstig uitreik na ander |
| **beklemmend** | **42** | ’n Benoudende gevoel (benoudheid) |
| **kamfer (kanfer)** | **56** | ’n Kleurlose, deurskynende, gekristalliseerde vlugtige stof met ’n bitter smaak en sterk geur |
| **mank** | **64** | Om ongelyk voort te beweeg as gevolg van ’n gebreklike of beseerde ledemaat |
| **hooghartig** | **75** | Met ’n groot gevoel van eiewaarde; verwaand |
| **afguns** | **127** | ’n Gevoel van sterk ongelukkigheid oor ’n ander se sukses, geluk of rykdom. |
| **futiel** | **135** | Nutteloos; wat op niks uitloop nie |
| **haweloos** | **155** | Sonder besittings; behoeftig; armoedig |
| **verdowingsmiddels** | **168** | Enige van ’n groep dwelmmiddels soos morfien wat medisinaal aangewend word om pyn te verlig. |
| **foltering** | **186** | Om wreed te pynig of te martel.<br>(marteling of pyniging) |

Human & Rousseau



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

## AKTIWITEITE VIR VERRYKING

1. **Bespreek die aanhaling van *Lifehouse* wat voor die eerste hoofstuk in die jeugroman verskyn**. In watter opsig sluit die aanhaling by die boek se voorplat aan? Hoe skakel die "somewhere in between" met tienerwees?

2. **Doen navorsing op die internet oor apokaliptiese (distopiese) fiksie**. Maak 'n **plakkaat** (visuele uitbeelding) waarin jy die wêreld uitbeeld soos jy dink dit moontlik oor 'n eeu kan lyk.

3. **Skryf 'n verhalende opstel** (300-350 woorde) van jou laaste dag op aarde voor die planeet deur 'n asteroïede getref word.

4. Verbeel jouself jy is Maria. Jy word deur die polisie gevra om 'n verslag te skryf van die gebeure wat tot Evert se dood gelei het. **Skryf 'n ooggetuieverslag** (180-200 woorde) waarin jy die gebeure uiteensit.

5. Talle mense regoor die wêreld word jaarliks met depressie gediagnoseer. Bied 'n **voorbereide toespraak** aan waarin jy wenke gee oor hoe tieners wat aan depressie ly deur hul ouers/voogde, vriende, familie, onderwysers asook die gemeenskap ondersteun kan word.

6. Lees enige van die volgende distopiese romans en **skryf 'n resensie** van 180-200 woorde vir die skoolkoerant:

| | |
|---|---|
| ***Wonderboom*** | Lien Botha |
| ***Koors*** | Deon Meyer |
| ***Oemkontoe van die nasie*** | P.J. Haasbroek |
| ***Horrelpoot*** | Eben Venter |

7. Luan se ma se skildery van die bok weerspieël weerloosheid en slagofferskap. **Skets of skilder (verf)** jou interpretasie van hoe jy dink die skildery moontlik mag lyk.

8. **Ontwerp 'n alternatiewe voorplat** (voorblad) vir die jeugroman *Skeur*.

9. Voer 'n **debat** in die klaskamer waarin julle die voor- en nadele van vuurwapens in die samelewing bespreek.

10. Vra jou onderwyser om 'n **noodhulpkursus** te reël sodat almal in die klas kan leer wat om tydens 'n noodgeval te doen indien iemand beseer word.

11. Verbeel jouself jy is Maria. Skryf 'n **huldeblyk** (180-200 woorde) vir Evert wat in die Hoërskool Bitterbrugfontein se nuusbrief gepubliseer gaan word.

12. **Nooi die skrywer** om die leerders toe te spreek voor of nadat hulle die jeugroman gelees het.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

## LITERÊRE GLOSSARIUM

**Die KABV (2011:94-102) beklemtoon die volgende belangrike literêre asook nie-literêre terme waarvan die onderwyser en leerder kennis moet neem.**

**denotasie** (teenoorgestelde van *konnotasie*) **–** dit wat die begripsinhoud weergee of saamvat, die letterlike betekenis van 'n woord of uitdrukking

**dramatiese doelstelling –** om 'n spesifieke reaksie by die toeskouer / leser te ontlok

**dramatiese ironie –** 'n vorm van kontras; die karakter is onbewus van die ware toedrag van sake, terwyl die leser / toeskouer / ander karakters weet wat werklik plaasvind. Dié ironie verhoog (of ontlont) spanning, genot en gehoordeelname

**eksplisiet** (in teenstelling met *implisiet*) **–** betekenis wat duidelik of direk gestel word

**essay –** korter prosageskrif waarin 'n literêre, estetiese, politieke of sosiale probleem op kernagtige wyse behandel of bespreek word; krities en bespiegelend van aard; kan 'n gesprektoon hê; taal en styl is helder,duidelik en logies, dikwels vol humor

**esteties –** betreffende die skoonheidsin; staan in verband met sensitiwiteit en waardering vir die skone soos die skoonheid van taal of die blywende waarde van tekste

**evalueer –** om 'n opinie te vorm, 'n oordeel te vel oor 'n teks

HR &R Human & Rousseau

**formaat –** die vorm van tekssoorte soos 'n verslag, brief; ook grootte van iets

**geïmpliseerde betekenis –** betekenis wat gevolgtrekking inhou of toelaat; betekenis wat nie eksplisiet in die teks uitgedruk word nie

**genre –** 'n soort letterkunde, bv. drama, kortverhale, gedigte, roman, volksverhale / folklore

**gevolg –** die resultaat van handeling / gebeure of 'n aksie

**herlees –** 'n leesstrategie wat die leser nog 'n kans gee om 'n uitdagende teks te verstaan

**herformuleer –** 'n leesstrategie waarvolgens die leser die betekenis van 'n gelese gedeelte mondelings of skriftelik oorvertel, verkort of opsom

**holistiese benadering –** dit is 'n benadering wat al die vaardighede en verskillende soorte kennis in aktiwiteite integreer en nie op elkeen afsonderlik fokus nie

**houdings –** maniere van optrede of gedrag

**huistaal** die taal wat kinders eerste aangeleer het deur by die huis en / of in hul gemeenskap konstant daaraan blootgestel te wees; dit is die taal "waarin 'n mens dink"



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

**implisiet** (teenoor *eksplisiet*) **–** dit wat nie direk in ’n teks gestel word nie, maar wel afgelei kan word

**inklusiwiteit –** die beginsel om onderwys toeganklik vir alle leerders te maak, ten spyte van hul leerstyl, agtergrond en vermoëns; neiging om in te sluit, te omvat, op te neem

**intrige –** verwikkelde situasie wat ’n skrywer uitdink en waarop die verhaal gebaseer is (verwikkeling)

**ironie –** woordgebruik waarmee ’n mens die teenoorgestelde sê van wat jy bedoel; omstandigheid of stand van sake wat die teenoorgestelde is van wat ’n mens kon verwag het

**karikatuur –** ’n oordrewe uitbeelding (geskrewe of visueel) van ’n karakter en wat die spot dryf met persoonlike karaktertrekke of voorkoms; spotprent, spotbeeld, spotfiguur

**klanknabootsing** (ook *onomatopee*) **–** die gebruik van klanknabootsende woorde om dit wat genoem word, te beskryf, bv. *Toktokkie*

**klimaks** (ook *hoogtepunt*) **–** die opwindendste, effektiefste of belangrikste deel van die storie. Hierdie belangrike deel is nie noodwendig aan die einde van die verhaal nie.

**koherensie –** samehang in ’n paragraaf en die samehang binne die verskillende paragrawe van ’n teks wat idees saambind

Human & Rousseau

**kohesie –** samehang binne sinne

**konflik –** stryd; botsing; worsteling; die stryd wat tussen karakters of individue of groepe en hul omstandighede ontstaan; konflik in letterkunde kan ook as gevolg van strydende begeertes of waardes tussen karakters ontstaan

**konnotasie –** wat gesuggereer word deur ’n woord of ding, dieperliggend as die letterlike of eksplisiete betekenis

**konteks –** die konteks waarbinne ’n teks geskep en ontvang word, verwys na die breë en onmiddellike situasie waarin dit bestaan en wat daarin oorgedra word

**kontekstuele leidrade –** ’n leestegniek om alle aanduidings of leidrade in ’n teks te gebruik om betekenis te verklaar

**kontras** (ook *antitese, teenstelling*) **–** stylmiddel waarin twee uiterstes teenoor mekaar gestel word

**kopkaarte / breinkaarte –** grafiese netwerkvoorstelling van idees of ’n onderwerp in die vorm van sleutelwoorde en illustrasies

**letterlik** (teenoor *figuurlik*) **–** die eenvoudigste, mees direkte betekenis van woorde



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

**literêre tegnieke –** letterkundige begrippe wat in literêre tekste gebruik word

**magsverhoudings –** verhoudings gemeet aan gesag en invloed

**oorsaak –** dit wat aanleiding gee tot ’n handeling / gebeure / aksie of ’n toestand te reageer

**parafrase –** die herbewoording van ’n idee in jou eie woorde

**perspektief –** ’n karakter / verteller se standpunt / siening oor kwessies in ’n roman of drama

**retoriese vraag –** ’n vraag wat gevra word nie om iets uit te vind nie, maar vir beklemtoning, ’n mening uit te spreek of vir dramatiese effek (bv*. Weet jy hoe gelukkig jy is?*)

**samehang –** onderlinge verband, deurlopendheid, aaneenskakeling

**sarkasme –** bytende, bitter spot; minagting wat wil seermaak of skok op persoonlike vlak; dit sê wat die spreker / skrywer bedoel

**satire –** iets wat hekelend spot met die lewe; dwaashede en wanpraktyke van die mens / maatskappy word onthul of geopenbaar; ’n satiriese literêre werk het gewoonlik ’n bewustelike sosiale inslag

**simbool –** ’n teken / voorwerp wat ’n ander saak verteenwoordig; ’n tradisionele simbool soos ’n *kruis* is as beeldspraakvorm nie net ’n afbeelding van die werklikheid nie, maar dit kry ook ’n dieper betekenis deurdat dit na iets anders verwys

Human & Rousseau

**sintetiseer –** die saamvoeg van idees uit verskeie bronne; ’n duidelike opsomming van hierdie saamgevoegde idees

**sleng** (ook *slang*) **–** ’n variëteit van Afrikaans wat dikwels by jongmense, bv. studente gehoor word en nie noodwendig verkeerd is nie, bv. *Hulle het my ’n kop aangesit / Jy kan kwai bestuur*

**soeklees –** om jou oë oor ’n teks te laat beweeg om spesifieke inligting te vind, soos wanneer jy ’n naam of nommer in ’n telefoongids soek of ’n trein- of busrooster raadpleeg

**stem –** dit verwys ook na die skrywer se eie persona – wie die skrywer is. As ’n mens lees of kyk, kan jy ’n indruk van die skrywer se bedoeling / voorneme kry.

**stemming –** atmosfeer of emosie in geskrewe tekste; dit toon karakters se gemoedsgesteldheid; dit verwys ook na die atmosfeer wat deur visuele, oudio en oudiovisuele tekste geskep word.

**stereotipe –** vaste (en dikwels partydige) siening oor ’n spesifieke soort persoon (bv. vrou, immigrant, priester)



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

**styl –** trant of manier van skryf; die unieke manier waarop 'n skrywer woorde en sinne "rangskik" om 'n bepaalde effek te verkry. Dit sluit woordkeuse, toon, asook sinslengte in.

**subintrige –** ondergeskikte verwikkelde situasie wat 'n skrywer uitdink en waarop die verhaal gebaseer is (knoop, verwikkeling)

**teks –** dit is enige geskrewe, gesproke of visuele vorm van kommunikasie

**tema –** die sentrale idee of idees in 'n literêre werk. 'n Teks mag meer as een tema hê en dit mag dalk nie eksplisiet/vanselfsprekend wees nie.

**tesourus –** 'n woordeboek wat volgens saakverbande georden is, saakwoordeboek

**transaksionele skryfwerk –** funksionele skryfwerk (bv. briewe, notules, verslae, fakse)

**vergelyk** (verwys ook na *kontras*) **–** om vas te stel op watter maniere dinge eenders of verskillend is

**vertellersperspektief –** verteller se standpunt vanuit 'n spesifieke hoek gesien (alwetend, alomteenwoordig, eerste- en derdepersoon)

**vluglees –** om 'n teks baie vinnig te lees ten einde 'n oorsig te verkry, soos om die koerantopskrifte vir hoofnuus te vluglees

Human & Rousseau



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

## BRONNELYS


Brink, A.P. 1987. *Vertelkunde: 'n Inleiding tot die lees van verhalende tekste*. Pretoria: Academica.

Cloete, T.T., Botha, E. & Malan, C. (reds.). *Gids by die literatuurstudie*. Pretoria: HAUM-Literêr.

Du Plooy, H. 1992. Motief. In: Cloete, T.T. (red.). *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM Literêr.

Grové, A.P. 1963. *Letterkundige sakwoordeboek vir Afrikaans*. Kaapstad: Nasou.

KABV (Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring). 2011. (Kyk Suid-Afrika.) Departement van Basiese Onderwys. Pretoria: Staatsdrukker.

Lawrence, D. et al. *Afrikaansmetodiek deur 'n nuwe bril*. Kaapstad: Oxford.

Luther, J., Pheiffer, F. & Gouws, R.H. (reds.). 2015 (1965). *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal Sesde Uitgawe*. Kaapstad: Pearson.

Scholtz, P.W. & Vorster, M.E. 2013. *Viva Afrikaans Graad 12 Huistaal*. Florida Hills: Vivlia.

Steenberg, D.H. 1985. Tyd. In: Cloete, T.T., Botha, E., Malan, C. (reds.). *Gids by die literatuurstudie*. Pretoria: HAUM Literêr.

Van Rooyen, C. 2021. *Skeur*. Kaapstad: Human & Rousseau.


Human & Rousseau



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers